

**WAT OP DEES AARDE MAAK EK  
HIER?**

**Christo Nel**

## INHOUDSOPGAWE

---

Inleidend .....	4
Vir die antwoord, moet 'n mens se oë oopgaan .....	5
Om te leer om God te “worship” .....	8
Om 'n vriendskap met God te kweek.....	11
Ontdek kinders van God het werklik familie hier wat omgee.....	14
God se plan vir geloofsfamilie-wees .....	17
Om meer soos Jesus te lyk.....	20
Ek is hier om te verander .....	22
In die leerskool van God .....	25
Tussen God se beloftes en vervulling.....	27
Om werklik vry te word.....	30
Agt simptome as Mammon ‘n houvas op jou lewe het.....	33
2.1 Angstigheid en bekommernis oor finansies .....	33
2.2 “Ek kan dit nie bekostig nie” - mentaliteit.....	33
2.3 Impulsiewe transaksies .....	33
2.4 Onvergenoegdheid.....	34
2.5 Onverantwoordelike bestuur van ons finansies.....	34
2.6 Gebind deur skuld .....	34
2.7 Gulsigheid .....	34
2.8 Oorskating van die krag van geld .....	35
Begin doen wat jy moet doen .....	36
Is ek op die regte plek, besig met die regte dinge? .....	39
Elke dag saai en oes ek hier .....	42
1. Verwag die oes in geloof.....	42
2. Berei die grond voor ... deur gebed .....	42

3. Die opbrengs is nie vir jou sak bedoel nie.....	42
4. Saai in die gees en wag geduldig tot die oes verskyn .....	42
5. Moenie verbass wees as die oes dalk anders as die saad lyk nie! .....	43
6. Kultiveer die saad wat jy gesaai het .....	43
7. 'n Persoonlike getuienis .....	43
Gee maak 'n mens vry .....	46
Oor die gee van 'n tiende.....	47
Leer om al die instrumente wat God jou gegee het effektief te benut .....	51

## INLEIDEND

---

Wat ek hier aanbied is die vrug van 'n hele klomp weke se gesels met die sowat 4000 "internet-gemeentelede" met wie ek weekliks dwarsoor die wêreld via internet gesels in my nuusbriefies met Woord, genaamd NOG 'N SLUKKIE NUWE WYN.

As jy 'n bietjie daarna wil kyk, gaan kyk gerus op my webblad by [www.nuwewyn.co.za](http://www.nuwewyn.co.za) onder die hofie, Nuusbriefie.

Baie dankie aan al die terugvoer wat ek gekry het wat my aangemoedig het om ook hierdie materiaal vir 'n wyer leserskring beskikbaar te stel.

Die skrywer

Christo Nel

Posbus 3114

Somerset-Wes

7129

Tel 021 851 0003

Sel 082 7702397

Eposadres: [christonel@intekom.co.za](mailto:christonel@intekom.co.za)

## VIR DIE ANTWOORD, MOET 'N MENS SE OË OOPGAAN

---

Bertrand Russell het eens gesê: Tensy jy glo dat daar 'n God is, is die vraag na die bedoeling van jou lewe eintlik sinloos. Eintlik was dit inderwaarheid 'n soort belydenis oor hy oor sy eie lewe gevoel het omdat hy 'n selferkende ateïs was.

Uit my eie ervaring weet ek dat die ontdekking, of moet ek sê, bonatuurlike openbaring, dat daar werklik 'n lewende God is, my lewe op hierdie aarde sin en betekenis gegee het. Dit het gemaak dat ek weet ek is hier vir 'n rede, met 'n taak en roeping net vir my. 'n Mens hoef maar net 'n slaggie weer feite soos die volgende onder oë te neem om dit te weet:

- Jou brein kan 100 triljoen feite tegelykertyd stoor en kan 15 000 besluite in een sekonde neem.
- Jou neus kan tot 10 000 verskillende geure van mekaar onderskei
- En jou tong kan sekere smake proe al is dit tot 2 miljoen keer verdun

Die mens is so merkwaardig aanmekaar gesit, dat jy net weet, as jy glo dat daar 'n God is, dat jy vir iets spesiaal hier op aarde is. Maar nie alle mense glo dit nie. Blaai saam met my na 3 gedeeltes toe:

- Spr 11:28 lui: "Wie op sy rykdom staatmaak, kom tot 'n val; wie reg doen, floreer soos groen blare aan 'n boom." Hoor jy, 'n lewe wat net gefokus is op die bymekaarmaak van dinge, is futiel. En hoeveel mense se hele lewe draai net hier rondom! Maar wie sy lewe wy aan die wil van God, se die Spreukeskrywer, beleef werklik groei en sin.
- Jer 17:7 en 8 bevestig dit as daar die volgende staan: "Dit gaan goed met die mens wat sy vertrou in die Here stel, die mens vir wie die Here 'n veilige vesting is; so iemand is soos 'n boom wat by water geplant is en sy wortels na die stroom toe uitstoot, nie die hitte voel as dit kom nie en altyd groen blare het; 'n droë jaar raak hom nie en hy hou nie op om vrugte te dra nie."
- En dan kom Kol 1:16 en sit die kersie op die koek as daar staan dat ons uiteindelik in Jesus ontdek dat Hy die "verlore legkaartstuk" is wat alles skielik laat sin maak: "God het deur Hom alles geskep wat in die hemel en op die aarde is: alles wat gesien kan word en alles wat nie gesien kan word nie, konings, heersers, maghebbers, gesagvoerders. Alles is deur Hom en vir Hom geskep."

'n Mens kan soms met soveel nuttelose dinge besig wees. So fokus net op jouself, op jou mense en op die dinge wat julle "nodig" het of wat julle plesier verskaf. En tog, op 'n dag, raak sulke mense maar net weer bewus word van hierdie gat hierbinne, daardie knaende honger en dors na geluk, sin, betekenis en lewensvervulling, want uiteindelik is dit net God, net 'n intieme liefdesverhouding met die lewende God, wat dit kan vul.

Dit ontdek 'n mens net as jou oë bonatuurlik oopgaan vir die waarheid dat daar werklik 'n God is wat met jou spesifiek besig is ... wat jou liefhet. In die boekwinkels en biblioteke is

daar derduisende boeke wat 'n antwoord probeer gee op die vraag na die sin van 'n mens se lewe. Maar uiteindelik het ek ontdek, het God self, deur die werking van Sy Gees, die antwoorde op hierdie vraag aan my gewys waar dit opgesluit lê in die Handboek van die lewe, die Bybel. Het ek ontdek dat die Een wat my beplan en gemaak het, alleen weet waarom ek hier is.

Miskien het dit ook tyd geword dat jy Hom vra, as jy nie weet nie. Dan antwoord Hy ook jou miskien met 'n vers soos Ef 1:11. Kom ek haal dit vir jou aan: "Deur Christus het ons deel geword van die volk van God soos Hy dit vooruit al bestem het. So het Hy Hom dit voorgeneem, Hy wat alles laat gebeur volgens sy raadsbesluit."

So met die eerste lees, klink dit ingewikkeld, maar opgebreek in kleiner dele, help mens om dit beter te verstaan:

- 'n Mens ontdek jou identiteit en die bedoeling van jou lewe in 'n geloofs-en liefdesverhouding met Jesus Christus.
- Elkeen van ons is al van eeue gelede af in God se gedagtes. Lank voor ons nog gebore is as mens, het God besluit hoe jy in Sy planne inpas en wat die werklike bedoeling van jou lewe sal wees. Ons kan oor baie dinge self besluit, soos oor wat my beroep sal wees, of oor wie my huweliksmaat gaan wees, of oor wat my stokperdjies gaan wees. Maar dit is God wat besluit waarom ons juis nou hier is.
- Jou lewe, en die bedoeling daarvan, pas êrens in 'n baie groter prentjie in as wat jy dink. Jou lewe het ewigheidswaarde. Jy is vir ewig gebou!

Jy was dus nie sommer net 'n glipsie nie! Jes 44:2 bevestig net dat jy 'n glinster was in God se oog lank voor jy gebore is. Om dit te glo, gee betekenis aan 'n mens se lewe. Almal van ons twyfel egter soms hieroor.. Gaan lees maar hoe Job daar in Job 7 hieroor getwyfel het.

Wat wonderlik is is om dan te belewe hoe die Here verse soos Jer 29:11 tot 14 gebruik om jou weer hoop en 'n verwagting te gee, krag vir more en oormore, selfs midde die grootste krisis. Luister weer wat daar staan: "Ek weet wat Ek vir julle beplan, se die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting! Dan sal julle My aanroep, tot My kom bid, en Ek sal julle gebede verhoor. Julle sal vra na my wil en julle sal dan my wil ken as julle met julle hele hart daarna vra. Julle sal My ontmoet, sê die Here ..."

'n Mens het soms gebeure in jou lewe nodig wat jou net weer help om perspektief oor jou lewe te kry. Kom ek vertel vir jou van so 'n gebeure in my eie lewe: Ek was Duxleerling op laerskool. Ek kan jou nie vertel wat dit vir my beteken het nie, want ek was hierdie introvertiese, skaam seuntjie. My naam is boonop op hierdie bord in die voorportaal van die betrokke skool geskryf. Dit was nou werklik hierdie wow!-ervaring in my lewe. Tien jaar later was ek weer eendag by die skool. Net om te ontdek dat daar intussen 'n klomp ander name onder my naam verskyn het. Wat dit nog erger gemaak het was dat niemand by daardie skool my eers herken het nie! Skielik het ek net God se troos midde dit alles beleef. Dat dit maar net weer bevestig dat daar soveel dinge in ons lewens is wat op sekere stadiums van ons lewe wel belangrik en deel van God se besig-

wees met jou is, maar uiteindelik is dit nie hierdie dinge wat jou lewe werklik betekenis gee nie.

Die dag toe ek ontdek het dat ek nie net vir hierdie lewe, vir 'n 50 of 'n 70 jaar of 90 jaar op hierdie aarde, gebou is nie maar gebou is om vir ewig, vir 'n lewe selfs na hierdie lewe op aarde te lewe, daardie dag het ek anders na my lewe op hierdie aarde begin kyk. Skielik het my lewe hierdie - wat ek wil noem - ewigheidsdimensie gekry. Ek het verstaan dat daar lewe na hierdie lewe op aarde is. En dat die manier waarop ek hierdie lewe op aarde lewe baie direk my lewe vir ewig gaan beïnvloed. Daar kom immers 'n dag wat ek voor die lewende God gaan staan en waarop Hy my lewe op hierdie aarde gaan beoordeel om te bepaal waar ek die ewigheid na hierdie lewe gaan deurbring.

Uit die Bybel kan ons aflei dat God jou eendag voor Sy troon 2 vrae gaan vra. Hy gaan jou vra:

- Wat het jy met My Seun, Jesus Christus, gemaak? Jy moet verstaan dat God nie met hierdie vraag navraag doen oor jou godsdiens of oor jou dogmatiese standpunte nie. Hy wil weet of jy dit wat Jesus Christus op aarde kom doen het, in die geloof aanvaar het as dat Hy dit ook vir jou kom doen het. Hy vra hiermee of jy geleer het om Hom lief te kry en of jy geleer het om Hom te vertrou as die Weg, die Waarheid en die Lewe vir jou hele lewe.
- Maar ook: Wat het jy gemaak met wat Ek jou gegee het? Wat het jy met jou lewe op aarde, met jou gawes, met jou talente, met jou geleenthede, energie, verhoudinge en bronne gemaak? Het jy dit alles net vir jouself gebruik, of het jy dit gebruik vir dit waarvoor jy hier was?

Ons lewe op aarde is van kardinale betekenis. Soos Luk 12:48b se: "...Van elkeen aan wie baie gegee is, sal baie geëis word; en van hom aan wie baie toevertrou is, sal meer gevra word."

Ons lewe op aarde is soveel keuses wat ons moet maak. Maar die belangrikste van al daardie keuses is 'n keuse om te glo dat God jou gemaak en liefhet. Dat jy hier is vir 'n rede. Dit is 'n keuse om te glo dat God 'n liefdesverhouding met jou hier wil he; dat Hy met jou wil praat en jou wil lei. Daarom het Hy Sy Seun Jesus Christus na hierdie wêreld gestuur. Jou keuse is om dit te glo, soos Joh 1:12 se. Aanvaar Sy aanbod. Aanvaar in die geloof dat Jesus Christus se dood en verlossingswerk vir en namens jou gedoen is. Glo dat God jou jou verlede vergewe het. Maar ook dat Hy jou nou deur die werking van Sy Gees nuutgemaak en boonop Sy Gees gegee het om in jou te kom woon. Juis om jou so toe te rus met die krag en ander toerusting en gawes sodat jy voluit die lewe kan lewe waarvoor jy hier op aarde is.

Die keuse is joune om dit te glo. Hoe? Maak 'n keuse. Se hardop in gebed aan God wat jy gekies het. Glo dan dat jy deel is van die familie van God op aarde waarvoor Hy 'n spesifieke werk en bedoeling het. En gaan doen dan wat jou hand vind om te doen

## OM TE LEER OM GOD TE “WORSHIP”

---

Om te ontdek dat God die mens beplan en gemaak om vir Hom ‘n plesier te wees, was vir my opwindend om te ontdek. Besef jy dat God Homself gate uit geniet as mense ontdek waarom hulle hier op aarde is en as hulle voluit begin leef soos Hy dit oorspronklik bedoel het!

Luister hoe sê Sefanja dit daar in hoofstuk 3 vers 17: “Die Here jou God is by jou, Hy, die krygsman wat red. Hy is vol vreugde oor jou, Hy is stil-tevrede in sy liefde. Hy jubel en juig oor jou ...”

Ons vergeet partykeer dat God emosies beleef. Dat Hy hartseer word; of empatie het met mense; of selfs lag.

Ps 147:11 sê dat God dit geniet as Sy mense Hom “worship” en op Hom vertrou. Ons het ‘n probleem hiermee in Afrikaans, want ons het tans nie werklik die taalgereedskap om hierdie begrip “worship” in Afrikaans verstaanbaar oor te sê nie. Nie een van ons Afrikaanse vertalings daarvan, sy dit “aanbid” of “dien” is, sê eintlik wat in die Hebreeus met shachah en in Grieks met proskuneo bedoel word nie.

- Die Hebreeuse woord, shachah, kan die volgende beteken: “worship”, buig, neerbuig, kniel, vereer en dien. In Ps 95:6 het ons hierdie woord soos volg in Afrikaans vertaal: “Kom, laat ons aanbid en neerbuk; laat ons kniel voor die HERE wat ons gemaak het.”
- Die Griekse woord proskuneo kan die volgende beteken: “worship”, iemand se hand of voete soen, op die grond neerval en die grond met jou voorkop aanraak as teken van eerbied, respek of aanbidding. Ons vind dit onder andere daar in Joh 4:23 as Jesus sê: “God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid.”

God het mense gemaak om Hom te “worship”. Mense wat “worship” doen iets aan God; doen iets aan Sy hart. Terwyl ek hieroor nagedink het, gee die Here vir my die volgende prentjies van hoe “worship” kan lyk:

- “Worship” is ook waar ‘n man na ‘n meisie toe kom, voor haar neerkniel, haar hand of voete begin soen, en vir haar sê: Ek is lief vir jou. Ek aanbid die grond waarop jy loop.
- Die hart van die evangelie, Joh 3:16, is immers ‘n liefdesverklaring van die Skepper, die lewende God, aan elke mens. Dat Hy ons liefhet. Dat Hy begeer dat ons sal lewe. Dat ons sal ontdek wat dit beteken om in hoofletters te lewe en sal ervaar waarvoor Hy ons aanmekeargesit het.
- Weet jy wat verwag God terug? Al wat Hy wil hê is dat ons Hom terug sal liefhê. Dat ons, om gewoon menslike taal te gebruik, “die grond sal aanbid waarop Hy loop”. Dink maar aan die prentjie van die hemelwesens daar in Op 4:10 en 11



wat voor Hom kom kniel en Hom aanbid. Wat dan hulle krone voor die troon kom neersit en sê: Here, ons God, U is waardig om die heerlijkheid en die eer en die mag te ontvang omdat U alles geskep het; deur u wil het alles ontstaan en is dit geskep." Hy het 'n begeerte dat ons Hom sal "worship" deur ons liefde teenoor Hom te verklaar en uit te leef in elke ding wat ons doen. Soos 1 Kor 10:31 sê: "Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God."

G'n wonder die Bybel sê God soek "worshippers" nie! (Joh 4:23). Maar dan 'n meer gedifferensieerde soort "worship" as wat ons normaalweg hieronder verstaan. Ons het mos hierdie prentjie in ons kop dat "worship" net aanbid of bid beteken. Terwyl die Hebreeuse en Griekse woord soveel meer sê. Natuurlik is dit deel van "worship", maar daar is tog soveel meer. Dit gebeur as ons, hoe sê ons dit gewoonlik, "alles doen tot Sy eer". Dit is daardie dinge wat God se mense doen wat Hom maak glimlag, wat Hom genot en lekkerkry laat ervaar.

- Dit gebeur as ons Jesus Christus, Sy Seun, herken en erken in geloof as ons persoonlike Verlosser en Here. En Hom leer liefkry, volg en dien met ons hele lewe.
- Waar ons vir Sy Gees die volle beheer in ons lewens gee. Waar ons Hom genoeg ruimte gee sodat Hy in ons lewens kan doen wat die Vader graag wil, en ons kan gebruik soos die Vader se wil is.
- Dit gebeur as ons, soos Ef 5:10 sê, onself gedurig afvra wat God plesier en dit dan doen.
- Hos 6:6 sê dit so: God soek nie allerlei offergawes in die eerste plek nie, maar eerder dat ons Hom net sal liefhê. Hy wil hê dat ons Hom intiem sal leer ken en meer en meer liefkry elke dag. G'n wonder God sê dat 'n opsomming van Sy wil vir ons lewe is dat ons Hom as die Here van ons lewe sal liefhê met ons hele hart, siel, verstand en al ons kragte (Mat 22:37-38).
- Dit beteken dat ons sal leer om Hom te vertrou met ons hele lewe.
- Dat ons Hom sal loof en dank vir alles wat in ons lewens gebeur, omdat ons weet Hy is in beheer.
- Die Here God word ge-worship as ons ons vermoëns en talente gebruik tot Sy eer.
- Rom 6:13 sê "worship" behels prakties om totaal oor te gee, om alles wat jy het en is vir God aan te bied sodat Hy jou kan gebruik soos Hy dit beplan het.
- "Worship" is om Jesus te gehoorsaam in die detail van jou lewe. Maar dan in die sin van 'n "bondservant", wat gewoon 'n slaaf was, en toe geleentheid gebied is om sy eie lewe te gaan leef. Maar omdat jy die Eienaar so liefhet, kies jy vrywillig om Hom te dien vir die res van jou lewe. Maar hierdie keer as vriend.

Soos ons God werklik leer ken, Sy hart vir ons lewe begin verstaan en begin glo dat Hy werklik elke diepste behoefte van ons wil bedien, leer ons om Hom 100% te vertrou met ons hele lewe en met ons hele menswees. Kom ons stelselmatig op 'n punt waar ons bereid is om te spring as Hy wil hê ons moet spring, omdat ons glo Hy sal ons vang. Kom ons stelselmatig op 'n punt waar ons bereid is om Sy Woord te aanvaar as die waarheid. Begin ons om onvoorwaardelik, met 'n kinderlike naïewiteit, gehoorsaam te doen wat Hy vra. Kom ons op 'n punt waar ons bereid is om oor te gee, sodat Sy Gees ons kan lei waar Hy wil hê ons moet gaan. Waar ons lewens nie meer ons eie is nie, maar waar die belangrikste ding vir ons word om presies daarmee te doen wat Hy nou vir ons bedoel.

Soos ek gesê het is daar 'n faset in "worship" waar ons werklik Hom aanbid ... Sy dit deur die liedere wat ek sing, of deur 'n dans wat ek tot Sy eer dans, of waar ek op my aangesig op die vloer gaan lê omdat ek so bewus geword het van Sy grootheid en heiligheid. Of waar my "worship" net doodgewoon eerbiedige stilword voor Hom is omdat ek nie meer Afrikaans het om vir Hom te sê wat ek graag wil nie. Waar ek Hom probeer vertel hoe lief ek Hom het, en hoe Hy my lewe is. Dat Hy al is wat hierdie lewe werklik die moeite werd maak; al is wat werklik my diepste honger en dors bevredig.

Ps 113:3 sê ons moet God aanhoudend loof en prys, van sonsopkoms tot sonsondergang. Maar min van ons verstaan dat deel hiervan is waar ek en jy God genot verskaf omdat ons doodgewoon die mens-dinge doen waarvoor Hy ons gemaak het: Waar ons met smaak en vreugde die heerlike kos geniet wat Hy vir ons voorsien het. Waar ons met dankbaarheid ons gesondheid, ons oë en ore, ons gesonde liggaam geniet en versorg. Waar ons ons man of vrou, of kinders, of medemens liefhê soos Hy begeer ons hulle sal liefhê. Waar ons daardie ongelooflike verstand van ons, of talente van ons, gebruik soos Hy dit bedoel het. Waar ons die natuur en die wêreld om ons, soos koningskinders leer bestuur soos Hy as die Skepper van alles dit oorspronklik bedoel het.

Ons dink so baie keer dat ons lewe eers sin gaan hê as ek nog 'n paar goed bykry of nog 'n paar nuwe dinge kan doen of beleef. Maar dit is nie hierdie dinge wat lewensgenot en lewensin bewerk nie. Dit gebeur daar waar ons God sien glimlag oor my lewe hier op aarde. Omdat ek die mens is wat Hy oorspronklik bedoel het.

## OM 'N VRIENDSKAP MET GOD TE KWEEK

---

Ek lees 'n interessante gedeelte daar in 1 Samuel. Van hoe Samuel die Here onder die toesig van Eli "gedien" het, totdat hy op 'n dag God persoonlik ontmoet het. Dinge het verander toe hy beleef het hoe die lewende God self met hom praat. Hy het Sy stem gehoor en leer luister as God praat. Vers 7 sê dat, voor dit gebeur het, "het Samuel nog nie die Here geken nie".

Soveel van die mense met wie ek elke dag te doen kry is doodgewoon godsdienstige mense. Ek wil selfs sê Christelik-godsdienstige mense, want hulle rig hulle lewe in soos hulle oortuig is die Bybel se hulle moet dit doen. My lewe was ook so. Tot daardie dag wat ek God persoonlik ontmoet het toe ek Jesus aanvaar het as Verlosser en Here. Daardie dag het ek geweet daar is werklik 'n God wat my liefhet; wat nie net my God wil wees nie, maar ook my beste Vriend. Dit is immers waarvoor Jesus na hierdie wêreld toe gekom het. So sê Paulus daar in Rom 5:10 en 2 Kor 5:18 tot 6:2.

Kom ek sê dit so: Die God wat ons leer ken in Jesus Christus, glo ek, is die enigste ware God, Skepper, Verlosser en Here, Vader, en baie meer. Die wonder is dat Hy ook ons Vriend wil wees. Soos daar in Eden in die begin. Sonder allerlei godsdienstige rituele of seremonies. Hy begeer om 'n intieme vriendskap met ons te hê waarin ons lewe so in Hom ingewef raak dat ons nie meer een sekonde bewustelik sonder Hom kan bestaan nie.

In die Ou Testament is daar net 'n paar mense wat "vriende van God" genoem word. Soos Abraham, Moses en Dawid - wat "'n man na God se hart" genoem word. Ons lees dit ook van 'n Job, 'n Henog en hoe 'n Noag ook kon getuig van so 'n intieme vriendskap met God. Toe kom Jesus en alles verander. 2 Kor 5:18 sê dat Hy deur Sy kruisdood en opstanding elkeen wat in Hom glo vriende van God kom maak het.

Onthou jy nog hoe lekker ons die hallelujalied "Wat 'n vriend het ons in Jesus" gesing het? God se hart is dat mense op hierdie aarde sal ontdek dat daar 'n God is wat vir hulle so liefhet dat Hy ook hul beste Vriend wil wees in Jesus. Hy wil hê ons moet Sy vriende en vertrouelinge wees. In die sin van 'n koning se mees intieme vertrouelinge; wat ter enige tyd toegang het tot hom en bevoordeel word deur hulle vriendskap met hom.

Vriendskap groei en ontwikkel. Dit neem tyd en vra dat ons daarmee erns moet maak. Dit geld ook van ons vriendskap met God.

- Vriendskap begin blom soos ons tyd maak om by mekaar te wees en werklik leer om hart- en kopsake met mekaar te gesels. Anders oorgesê: Ons moet leer om 24 uur, 7 dae 'n week, God te "worship". (Iemand het voorgestel dat 'n goeie vertaling van hierdie woord "ver-heer-lik" is. Klink vir my goed!) Deel daarvan is dan om met God te bly praat. Om op baie maniere vir Hom te sê en te wil wys dat ons Hom liefhet; dat Hy vir ons kosbaar is; dat ons Hom aanbid.
- Daarom gaan ons vriendskap met God ook groei as ons aanhoudend bly bid, soos Paulus daar in 1 Tess 5:17 sê. Ons het nodig om doelbewus, aanhoudend, met toe oë en oop oe met God te praat. Daar waar ons alleen is, maar ook daar

waar ons tussen mense werk. Daar waar ons ontspan of besig is met gewone dinge soos kos-kook en kliënte bedien. Om so te leer om bewus te word dat God daar by jou is. Dat Hy besig is met jou. Dat Hy agter die skerms besig is waar jy nie kan sien nie.

- In die proses leer jy om Hom meer en meer te vertrou. Soms moet jy Bybeltekste memoriseer wat jy kan herhaal aan jouself as jy begin twyfel of gespanne raak. Wat jy in jou kop en hart kan rondrol sodat dit jou kan verander en deel van jou kan word. Soos wat Dawid in sy Psalms dit gedoen het. (Ps 23 is 'n goeie voorbeeld).
- Vriendskap met God groei waar jy 'n keuse maak om altyd eerlik te wees teenoor God. Dit tref my altyd hoe eerlik 'n Job en 'n Dawid - in sy psalms - teenoor God was. Hoe hulle met vrymoedigheid hulle hart voor God kon oopmaak, al kom daar vir eers net 'n klomp aanklagte en beskuldigings, of selfs woede teenoor God uit. Hulle was selfs nie bang om hulle twyfel en hulle vrese teenoor Hom te bely nie. Die wonder is natuurlik vir my dat God hulle toegelaat het om klaar te praat en hulle daarna bedien het.
- Vriendskap groei waar jy kies om God in geloof te gehoorsaam. God bly God, al is Hy ook jou Vriend. Jy is immers vriend van die Koning van alle konings. Daarom sê Jesus daar in Joh 15:9 tot 14: "Soos die Vader My liefhet, het Ek julle ook lief. Julle moet in my liefde bly. As julle my opdragte uitvoer, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die opdragte van my Vader uitvoer en in sy liefde bly. Dit sê Ek vir julle sodat my blydschap in julle kan wees en julle blydschap volkome kan wees. Dit is my opdrag: Julle moet mekaar liefhê soos Ek julle liefhet. Niemand het groter liefde as dit nie: dat hy sy lewe vir sy vriende aflê. Julle is my vriende as julle doen wat Ek julle beveel."
- Daarom groei jou vriendskap met God soos Sy waardes ook jou waardes word. Dit wat in Sy hart is, word mettertyd ook jou hart. Dit wat Hy haat, begin jy ook mettertyd te haat.
- Soos julle vriendskap groei, word julle verhouding met mekaar die belangrikste ding in jou lewe. Sodat jy saam met die Psalmdigter daar in Ps 27:4 kan sê dat daar net een ding is wat jy begeer en dit is om tyd te hê om Sy wese en, hoe sê die Engels, Sy "beauty", te kan bekyk en te kan beleef. Of soos Paulus daar in Fil 3: 10 sê: "Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood, in die verwagting dat ek self deel sal hê aan die opstanding uit die dood."

Soms kom daar tye wat jy en ek wonder of God wel ons Vriend is. Veral as Hy skynbaar nie hoor of nie "betyds" ingryp nie. Maar soos ons vriendskap met Hom ontwikkel en volwasse word, leer ons om Hom ook in daardie tye nogtans te vertrou en te bly liefhê en te weet Hy is daar en Hy is besig. Natuurlik is dit ook in daardie tye nodig om steeds eerlik met Hom te wees en vir Hom te sê wat jy beleef en ervaar. Maar dit is ook noodsaaklik vir jou om in daardie tyd jouself te bly herinner aan wie Hy werklik is. Dat Hy ook in daardie tye die liefdevolle, alwyse, almagtige God is, wat totaal in beheer is en wat ook hiermee 'n plan tot jou voordeel het. Herinner jouself daaraan dat Hy altyd Sy beloftes hou, al draai dit langer as wat jy gedink en verwag het. Dink in daardie tye terug

aan dit wat God reeds in die verlede gedoen het toe Hy ingegryp en jou uitgered het uit vorige krisis.

Jou Vriend belowe jou daar in Heb 13:5 en 6: "Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie. Daarom kan ons met vertroue se: "Die Here is my helper, ek ken geen vrees nie: wat kan 'n mens aan my doen?"

Ons tyd op aarde is bedoel om ons te help om dit elke dag, elke oomblik van elke dag, te glo en te weet.

## ONTDEK KINDERS VAN GOD HET WERKLIK FAMILIE HIER WAT OMGEE

---

As die vyand ons net alleen kan kry ... Op 'n manier totaal van ander kan isoleer, of ons in 'n klein genoeg groepie mense kan kry waar almal dieselfde dink ... Dan het hy ons uitgerangeer en het hy ons waar hy ons wil hê.

Ek weet nie of jy ook dit so ervaar nie: Sekere tye in 'n gelowige se lewe is jy werklik die slegste geselskap vir jouself. Veral daardie tye wat jy in 'n put is of wat jy begin om die vyand se leuens te glo.

Daarom het ons mekaar as medegelowiges nodig ... as familie, nader aan mekaar as wat eie-bloed-familie ooit kan wees. Maar lyk vir my dit beteken 'n commitment, 'n keuse wat elkeen van ons moet maak om ons te beywer vir kwaliteit-geloofs-familie-verhoudinge.

God se begeerte is immers dat Sy kinders op hierdie aarde werklik mense om hulle sal ontdek wat werklik hulle geloofs-familie geword het in Christus Jesus. Gaan lees dit maar byvoorbeeld daar in Romeine 12:4-11. Daarom moet ons kies om werklik bereid te wees om in elke opsig vir mekaar broers en susters te word. Wat sorg dra vir mekaar. Wat mekaar se laste dra. Wat bereid is om die waarheid aan mekaar in liefde te bedien. Wat mekaar sonder voorbehoud, onbevange liefhet. Die Bybel noem ons immers gesin van God (Ef 2:19) of een liggaam (1 Kor 12).

Ons het mekaar so nodig. Iemand sê nou die dag in ons byeenkoms: Feite, dit wat voorhande is, wat jy kan sien met jou oë en kan vat met jou hande, is nie altyd die waarheid nie. Maar gewoonlik ontdek 'n mens dit nie as jy alleen is nie. Jy ontdek dit daar waar ons saam met ander kinders van God bymekaar is, onder die leiding van die Gees, waar God deur Sy Woord en gawes ons bedien.

Kom ek vestig jou aandag op 'n paar verse daar in 1 Johannes 3:

- Vers 1-3: Kyk watter groot liefde die Vader aan ons bewys het: Hy noem ons kinders van God, en ons is dit ook. En die wêreld ken ons nie, omdat dit Hom nie ken nie. Geliefdes, ons is nou reeds kinders van God. Dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie, maar ons weet dat, wanneer Jesus kom, ons soos Hy sal wees. Ons sal Hom sien soos Hy werklik is. Elkeen wat hierdie verwagting in verband met Hom koester, hou homself rein soos Jesus rein is.
- Vers 11: Dit is immers die boodskap wat julle van die begin af gehoor het: Ons moet mekaar liefhê.
- Vers 16-18: Hiëraan weet ons wat liefde is: Jesus het sy lewe vir ons afgelê. Ons behoort ook ons lewens vir ons broers af te lê. Wie aardse besittings het en sy broer sien gebrek ly, maar geen gevoel vir hom het nie - hoe kan die liefde van God in hom wees? Liewe kinders, ons liefde moenie net woorde en lippetaal wees nie, maar moet met die daad bewys word, en dan in opregtheid.

- Vers 23-24: En dit is sy gebod: Ons moet in sy Seun, Jesus Christus, glo en ons moet mekaar liefhê ooreenkomstig die gebod wat Hy ons gegee het. Wie sy gebooie gehoorsaam, bly in God en God in hom. Hiëraan weet ons dat Hy in ons bly: Hy het ons sy Gees gegee.

Johannes 15 bedien dit weer van 'n ander hoek as Jesus daar sê:

- Vers 1-5: Ek is die ware wingerdstok en my Vader is die boer. Elke loot aan My wat nie vrugte dra nie, sny Hy af; maar elkeen wat vrugte dra, snoei Hy reg, sodat dit nog meer vrugte kan dra. Julle is alreeds reg gesnoei deur die woorde wat Ek vir julle gesê het. Julle moet in My bly en Ek in julle. 'n Loot kan nie uit sy eie vrugte dra as hy nie aan die wingerdstok bly nie; en so julle ook nie as julle nie in My bly nie. Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie.
- Vers 9-10: Soos die Vader My liefhet, het Ek julle ook lief. Julle moet in my liefde bly. As julle my opdragte uitvoer, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die opdragte van my Vader uitvoer en in sy liefde bly.
- Vers 12: Dit is my opdrag: Julle moet mekaar liefhê soos Ek julle liefhet.

My vriend, Gary Kieswetter, het eenmaal die beeld gebruik van rankers en grondbedekkers. Sekere mense is soos rankers: Omdat hulle aan die ware Wynstok vas is, dra hulle vrug, is daar 'n vitaliteit en 'n dinamiek in hulle lewens wat maak dat hulle "klim" oor allerlei, skynbaar onoorkomelike obstrukties. Terwyl ander mense weer tipies soos grondbedekkers is: Hulle lewens word gekenmerk dat hulle bloot vasklou aan hierdie aarde en sy dinge.

Hoeveel van ons beleef tans die krag van sonde of worstel met siekte, verslawing, finansiële moeilikhede, verhoudingsprobleme of iets anders wat ons wil beroof van die oorfloed wat God vir ons ingedagte het. Daarom is dit so noodsaaklik om met God en Sy Woord 24 uur, 7 dae 'n week, doelbewus gekonnekteer te bly. Jesus beskryf dit as 'n "een wees" met God, met Sy Woord, met dit wat Hy wil doen en met Sy kinders.

Ek en die Vader is een, het Jesus altyd gesê (Joh 10:30). Toe jy Christen geword het, het God se Gees jou wederbaar en is jy verlos deur die bloed van Jesus. God self het in jou kom woon deur Sy Gees. Het jy een met Hom geword. Natuurlik is daar 'n dimensie in hierdie eenheid wat maak dat jy gedurig 'n keuse moet maak of jy hierdie Gees in jou wil toelaat om die beheer in jou lewe te hê (Gal 5:16 ev). As Hy die beheer het, begin jou lewe vrug dra wat bewys lewer daarvan. En dit kom gewoonlik na vore in die manier hoe jy die mense om jou, veral gelowiges, meer en meer prakties sal leer liefhê. Met 'n liefhê wat net in woorde vassteek nie, maar wat oorgaan na die praktyk. Wat sal maak dat jy doelbewus kies om soveel tyd moontlik saam met gelowiges deur te bring, om hulle te wil opbou en wil bedien op die een of ander manier. Maar ook om in die proses te beleef dat hulle jou ook dan kan bedien met die gawes van die Gees wat God hulle gegee het.

Ons het tyd nodig om ons lewens werklik met mekaar te begin deel. Soos daar in die gemeente in Handeling begin gebeur het. Gaan lees maar net weer Hand 2:42-47. Tot op daardie vlak waar ons selfs na mekaar se materiële en finansiële behoeftes begin omsien het, alles as deel van normale Christenwees.

Ek glo dan gaan ons dimensies van verlossing en genesing sien deurbreek in ons eie lewe en om ons in ander se lewens soos lanklaas. Maar ons gaan ook in die proses ontdek watter krag daar is as gelowiges werklik mekaar onbevange begin liefhê soos God se Gees ons lei. Wat kan gebeur as gelowiges begin handevat, begin netwerk op verskillende gebiede met die Woord as skeidsregter, oop vir die inspraak van God se Gees deur die gawes.

Hoe het Jesus gesê: Julle gaan nog groter dinge doen as wat Ek gedoen het. Daarom sien ek in my gees daardie golf van genesing en verlossing begin groei soos nog nooit in die geskiedenis nie.

Maar ek sien ook 'n al groterwordende volwasse verantwoordelikheid neem vir mekaar onder gelowiges waar ons mekaar begin bedien en liefhê in alle dele van ons totale menswees soos God dit werklik bedoel het. Sodat die wêreld werklik kan sien dat ons volgelingen van Jesus is in die manier wat ons mekaar liefhet (Joh 13:34-35).



## GOD SE PLAN VIR GELOOFSFAMILIE-WEES

---

Laas het ons mekaar daarop gewys dat God se hart is dat ons as Sy wedergebore, nuutgemaakte kinders sal ontdek dat ons nie alleen op hierdie aarde is nie, maar dat God spesiaal geloofsfamilie rondom ons neergesit het wat Hy in ons lewens wil gebruik en waar Hy ons weer wil gebruik.

Ons kan soms dinge so kompliseer, of so gewoon wees aan die tradisionele manier van doen, dat ons nie altyd self tyd maak om mooi te luister wat God wil hê moet tussen ons as gelowiges moet gebeur nie.

Dwarsdeur die wêreld is God tans besig om hieroor te praat. Is Hy besig om gelowiges te dring om weer erns te maak met Sy plan vir gemeente-wees. Kyk 'n mens na 'n bekende gedeelte soos Ef 4 of 1 Kor 12, sien jy duidelik God se hart:

- Dat nuwe bekeerlinge moet ontwikkel in geestelik volwasse volgelingen van Jesus
- wat besef dat God 'n spesifieke plan en bediening vir elkeen van hulle het
- en wat deur hulle geloofsfamilies vrygestel word om mekaar en die wêreld om hulle daarmee te bedien

Kom ons begin by die begin. Blaai jy deur die Skrif, sien jy dat dit God se plan van die begin af was om Sy heerskappy of Koninkryk op aarde te vestig. Die metode waarop Hy besluit het was om 'n man en 'n vrou te skep en in 'n intieme liefdesverhouding in die huwelik bymekaar te bring. Sodat uit hierdie "joint venture" familie, ander lede van die gesin, wat soos hulle is en lyk, voortgebring kan word. En dat hulle dan, saam, die aarde sal bewerk en daarvoor sal heers in hulle Hemelse Vader se Naam.

Nou weet ons ook hoe die eerste Adam 'n groot gemors gemaak het hiervan deur sy intieme liefdesverhouding en vennootskap met God, en met sy vrou en sy kinders, te verbreek deur sy sondige keuses.

Daarom begin God 'n tweede keer. Stuur Hy 'n nuwe Adam, Sy Seun, Jesus Christus, as mens. Om vir Homself 'n bruid te kom haal. Sodat daar uit hulle intieme liefdesverhouding mense van hulle soort, wat soos hulle sal lyk, gebore sal word. Mense wat lyk en optree soos Jesus - kom ons noem hulle volgelingen van Jesus. Wat bereid sal wees om na die nasies om hulle te gaan om hulle te leer om God se gesag te gehoorsaam. Sodat God se Koninkryk op hierdie aarde gevestig kan word.

Dit is tans aan die gebeur dwarsoor die wêreld. Veral in die hele huis-ekklesia-beweging wêreldwyd waar gelowiges ontdek dat hulle familie moet wees. Ef 2:19 sê dit mos baie pertinent. Dat alles wat hulle tussen hulle moet gebeur net kan gebeur as hulle familie vir mekaar is soos God dit bedoel het.

Dit klink so eenvoudig, maar tog is dit so anders as wat ons vir baie jare in die meeste gemeentes in die Liggaam van Jesus beleef het. In plaas van ekklesias wat geloofsfamilie vir mekaar probeer wees, het gemeentes probeer om skool-skool te speel.

Met geweldige implikasies. Sien, dit maak 'n reuse verskil as ons skool probeer wees terwyl ons eintlik familie moes wees. Kom ons wees prakties. Dink wat sou gebeur as jy jou kinders probeer groot maak soos wat baie gemeentes dit tans probeer doen: Deur jou kinders een keer per week na 'n spesifieke gebou te neem vir 'n uur of twee, hulle te maak in reguit rye sit, en hulle dan te vertel wat hulle verantwoordelikhede vir die week is. Volgende week doen jy dit weer, en die week daarna weer.

G'n wonder die "kinders" lyk soos wat hulle lyk nie!

Ek hoef nie vir jou te vertel dat die tradisionele gemeente dit nie reg kry om volwasse volgelingen van Jesus te vorm nie. Dit kan eenvoudig nie gebeur in ekklesias wat skole vir mekaar probeer wees nie.

Volwasse volgelingen van Jesus, met die karakter van Jesus, word net in liefdevolle geloofsamilies gevorm wat in 'n intieme liefdesverhouding met Jesus as hulle Bruidegom elke dag lewe.

Wat gebeur in 'n gesonde familie?

Kinders leer daar om te gehoorsaam. En nie deur hulle heertyd met nuwe inligting te voer nie. Nee, deur ouers, deur 'n pa en 'n ma, wat vir hulle doodgewoon liefhet. Wat in die proses iets moduleer van hoe Jesus is, hoe Hy lewe en liefhet. Iets moduleer van die karakter van Jesus. Sodat hulle dit kan begin na-aap, totdat dit so deel van hulle lewens is, dat hulle daarvolgens begin kan lewe ook as hulle alleen is.

Sodat hulle, as hulle weer kinders van hulle eie het, dié kan lei, en vir hulle lief kan wees as 'n pa en 'n man.

Dit is tog wat Paulus daar in 1 Tim 1:3 tot 7; 1 Tess 2:7 tot 14; en 2 Tess 3:9 sê.

Familie-wees leer ons hoe om gesonde liefdesverhoudings te hê met ander mense. En gesonde families kan weer gesonde verhoudings met ander gesonde families hê. Al verskil hulle selfs oor baie dinge.

Kom ons dink 'n bietjie verder. Binne 'n gesonde familie word mense se karakters en waardes gevorm. So word geloofs-kindere in geloofsamilies geleer om God se waardes en heerskappy te gehoorsaam. So word hulle daar geleer om volgens Sy wil te lewe en Sy plan vir hulle lewens na te jaag.

Maar net soos in 'n gesonde gesin, moet daar 'n tyd kom waar ouers vir hulle kinders sê: God het 'n spesifieke plan vir jou lewe. Hy het jou op 'n baie spesiale manier aanmekaargesit spesifiek daarvoor. Dit sou 'n reuse fout van ons kant wees om jou te probeer dwing om te doen wat ons dink jy moet doen. Daarom stel ons jou hiermee vry om te gaan doen wat God wil hê jy moet doen. Gaan die wêreld in, en gaan wees die beste jy, as volgeling van Jesus, daar buite. Gaan dupliseer iets van jou karakter en waardes as volgeling van Jesus in ander mense. Gaan bedien ander daarbuite met die salwing en toerusting wat God deur die werking van Sy Gees aan jou gegee het. Of dit nou is as besigheidsman of -vrou, of as kunstenaar, of as onderwyser, of boer.

Gaan heers daar in die wêreld as erfgename van die Hemelse Koning. Gaan doen besigheid as mense wat elke dag sit aan Sy tafel. Wat elke dag in 'n intieme liefdesverhouding is met Jesus, die Bruidegom.

Kan jy dink watter impak kan ons dan maak in hierdie wêreld!

Die kwaliteit van wat ons daarbuite gaan doen, gaan van een ding afhanklik wees: Van wat die kwaliteit is van ons verhouding met Jesus, ons Bruidegom. As dit nie op standaard is nie, gaan Jesus ook aan ons dit wat daar in Op 2:4 staan, sê: Julle het julle eerste liefde verlaat. Ek is nie meer nommer een in julle lewens nie. Eers as Jesus weer nommer een in ons lewens is, kan ons die regte kwaliteit vrugte dra, kan ons die regte variëteit mense kweek, die regte soort dissipels maak, wat lyk en lewe soos Jesus.

Sodat Jesus alles in almal kan wees.

## OM MEER SOOS JESUS TE LYK

---

2 Kor 3:18 lui: "Ons almal weerspieël die heerlijkheid van die Here, want die sluier is van ons gesig af weggeneem. Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlijkheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is."

Op 'n paar plekke in die Nuwe Testament staan daar dat die volgelinge van Jesus, ek en jy as wedergebore, bekeerde Christene, gaan lyk, optree, praat en dink soos Jesus. Soveel so dat die mense ons hieraan gaan herken as Sy volgelinge (kyk maar Joh 13:34,35; 1 Joh 2:6.3:3; 4:17).

Reeds daar in die begin, voor die skepping van die aarde, was God se plan in die verband duidelik. Luister maar na Gen 1:26,27: "Toe het God gesê: Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip. God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep."

Jesus het self gesê dat as mense wil weet hoe die Vader lyk, kan hulle maar net na Hom, Sy Seun, kyk. Die Hebreërskrywer beaam dit as hy sê Jesus lyk soveel soos Sy Vader dat Hy inderwaarheid 'n absolute ewebeeld of spieëlbeeld van Hom is (Heb 1:3; 2 Kor 4:4). G'n wonder die Vader wil hê ons moet na Jesus trek nie! (Rom 8:29; 2 Kor 3:18)

Sonde het natuurlik daardie oorspronklike lyk na God daar in die begin, in die mens so verdof en distort, dat dit werklik net God se Gees is wat weer die mens so kan restoureer dat mense weer iets van die beeld van God in ons kan sien. Dit is immers waarvoor Jesus Sy lewe moes kom gee. Sodat, as ons in Hom glo en God se Gees ons wederbaar het, ons weer "mens van God", "kinders van God" kan wees, wat lyk na Jesus, ons Broer, wat weer lyk na ons Vader. Die Engels praat mos van "like father, like son".

Verstaan mooi: Ons gaan nie God word nie; of selfs nie Jesus word nie. Dit is immers die satan se oudste leuen. Nee, God se Gees gaan mense van binne-af buitentoe verander deur Sy heiligmakende werk. En dit doen Hy in elkeen wat Jesus Christus, as Seun van God wat mens geword het, aanvaar in die geloof sodat ons weer die mens kan wees soos God dit bedoel het.

Die Heilige Gees se taak in ons as kinders van God is juis om ons so te verander om meer en meer te lewe, te dink en te praat soos Jesus. Daarom beskryf Gal 5:22 en 23 juis dat die vrug van Sy werking in ons is dat mense om ons die karaktereenskappe van Jesus in ons lewens sal sien wanneer die Gees in ons lewens die beheer het.

Ef 4:22 tot 24 beskryf dit met ander woorde. Luister 'n bietjie: "Hou dan op om te lewe soos julle vroeër gelewe het; breek met die ou, sondige mens in julle wat deur sondige begeertes verteer word. Julle gees en gedagtes moet nuut word; lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig."

Prakties gaan iets hier binne in ons gebeur wat juis gaan maak dat ons al hoe meer die begeerte ontwikkel om die ou manier en gewoontes van voor my bekering te laat staan, en God toe te laat om my te verander (Rom 12:2). Die Griekse woord metamorphis teken dit treffend: Dit gaan wees soos daardie wurm wat mettertyd verander in 'n pragtige skoenlapper. In die proses gaan ons Christus se manier van doen en karakter as't ware aantrek en beoefen sodat dit deel van ons normale manier van doen word. Kol 1:27 sê ons gaan Jesus se lewe in ons ontdek as 'n bron waaruit ons kan put en lewe.

Soos wat God se Gees met ons besig is en ons God self met ons hoor praat deur Sy Woord, of deur ander gelowiges wat met die gawes van die Gees ons bedien in die gemeenskap van gelowiges, gaan ons meer en meer leer om konsekwent op te tree soos dit hoort in volgelinge van Jesus se lewens.

Die Bybel beskryf die proses as heiligmaking of as 'n geestelik volwasse word. Dit kom nie altyd maklik nie, want in elkeen van ons is daar 'n ingeboude weerstand daarteen. Die Bybel noem hierdie "ingeboude weerstand" ons ou natuur. Daarom duur die proses lewenslank.

Maar dit gaan gebeur. Wat God in ons begin het, gaan Hy klaarmaak volgens Sy beplanning daar in die begin (Fil 1:6). God wil hê dat jy volwasse moet word en soos Jesus sal lyk. Hy wil hê dat elke jong bekeerling sal groei van geestelike baba tot 'n geestelik volwasse mens.

- Wat weet wat God se wil is (Heb 5:14: "...mense wat oor insig beskik en wat deur ervaring geoefen is om tussen goed en kwaad te onderskei.").
- Wat in staat is om God se stem te onderskei tussen al die stemme en geleer het om dit onvoorwaardelik te gehoorsaam (Joh 10).
- Wat in staat is en gewillig is om 'n instrument in God se hand te wees om ander te bedien met die gawes van die Gees onder die beheer van Sy Gees in ons (Rom 6:12-14).

Ons moet dus nie net ouer word nie. Ons is bedoel om volwasse te word en meer en meer te lyk soos Jesus.

Hoeveel van Jesus kan mense in jou lewe sien?

## EK IS HIER OM TE VERANDER

---

Nou die dag kyk ek weer na 'n paar foto's van myself toe ek nog 'n baba en 'n kleuter was en beseft net weer hoe 'n mens nie verander oor die jare nie. Ons is hier op aarde om volwasse te word; volwasse word beteken groei; en groei beteken verandering. Des te meer is dit waar ook van 'n mens as geestelike wese. Dink maar net wat in jou eie lewe plaasgevind het sedert jy êrens op jou lewenspad 'n persoonlike ontmoeting met 'n lewende God gehad het ... Toe jy ontdek het dat die Jesus - waarvan almal soveel jare in die "kerk" gepraat het - lewe ... dat Hy tweeduisend jaar gelede mens geword het en gesterf het omdat die lewende God jou liefhet ... omdat die lewende God jou wil terugverander sodat jy weer mens kan wees soos Hy dit oorspronklik bedoel het. Dat Hy gekom het sodat jy die lewe kan ken en dit in oorvloed.

Soms vergeet 'n mens dat Christenwees 'n daaglikse proses van verandering is. God wil jou deur die werking van Sy Woord en Gees in jou, deur ander gelowiges om jou, deur dit wat met jou gebeur, verander ... Hy wil jou leer om nuut te dink; om nie meer toe te laat dat jou lewe deur jou gevoelens beheer word nie; of dat jy deur jou liggaamlike behoeftes beheer word nie. Hy wil jou leer om nie bloot onkrities te doen en te dink soos die gemeenskap om jou nie. Hy wil jou leer om nuut, soos 'n kind van die Koning van alle konings, te dink, te praat, te lewe en op te tree.

Die Christene van die dorpie, Hesse, het die volgelingen van Jesus soos volg omskryf: Ons glo en bely een heilige Christelike Kerk as 'n gemeenskap van die Heiliges, ja dat alle gelowige wat waarlik Christen is wedergebore Christene en kinders van die lewende God is. Wedergebore van Bo deur die Woord van God en die Heilige Gees.

Wat hulle hiermee wou sê was dat as mense in Jesus Christus as Verlosser en Here glo met hulle hart en dit opreg kan bely met hulle mond, sal hulle lewe elke dag bewys daarvan lewer. Bybelse geloof sal sigbaar word in 'n heilige lewe in elke area van jou lewe waardeur mense kan sien dat jy in Christus se voetspore wil volg. As Hy jou Here is, sal jy begin doen wat Hy sê. Die Bybel sê immers geloof sonder werke is dood. Daarom is 'n radikale verandering van gedrag die noodwendige gevolg van wedergeborte en die heiligmakende werk van God se Gees in ons lewens.

Mense sal in ons lewens kan sien dat ons Christene is omdat ons al hoe meer verander sal word deur die werking van God se Gees in ons. G'n wonder die Hebreërskrywer het daar in Heb 12:14 gesê: "Beywer julle vir vrede met alle mense asook vir 'n heilige lewe, waarsonder niemand die Here sal sien nie."

Een van die belangrikste maniere hoe Jesus ons gaan verander is deur die Woord. Daarom hoor ons Jesus daar in Joh 17:17 bid: "Laat hulle aan U toegewy wees deur die waarheid. U woord is die waarheid." En hoe Paulus die ouderlinge in Efese in soortgelyke terme groet daar in Hand 20:32 as hy sê: "Maar nou vertrou ek julle aan God toe en aan die woord van sy genade. Die woord is magtig om julle op te bou en julle in die seënige te laat deel wat Hy aan al die gelowiges as erfdeel belowe het." En in Mat 4:4 hoe sê Jesus: "...Daar staan geskrywe: 'n Mens leef nie net van brood nie maar van elke woord wat uit die mond van God kom."

Die Bybel is baie meer as net 'n boek vol geloofswaarhede. Dit lewe. Dit bewerk lewe. Dit bewerk geloof. Dit bewerk verandering in mense se lewens. Dit verjaag die duiwel. Dit veroorsaak wonders. Dit verander omstandighede. Dit bedien hoop aan mense. Dit verander ons manier van dink.

Daarom hoor ons hoe Heb 4:12 bely: Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart.

Ons kan nie sonder die Woord van God se inspraak in ons lewens lewe nie. Hieronder is miljoene Christene besig om te sterf van die honger en geestelike dors, en ly hulle aan geestelike anoreksie en geestelike wanvoeding. Dit word nie verniet die lewegewende melk genoem wat pasbekeerde babas nodig het om normaal te groei nie. Ander gedeeltes in die Woord noem dit die lewensnoodsaaklike brood of vaste kos. Ps 119:103 beskryf dit as "... soeter as heuning in die mond", figuurlik gesproke, ons geestelike poeding soms. Alles maar net beelde om te sê dat om 'n gesonde volgeling van Jesus te wees is die eet van God se Woord een van jou hoogste prioriteite.

Hoeveel mense doen dinge bloot omdat die gemeenskap om hulle dit oënskynlik toelaat, of omdat "almal dit doen", of omdat "dit nog altyd so gedoen is", of omdat dit "logies lyk", of omdat "dit reg voel" Maar wat hulle nie beseft nie is dat die gemeenskap om ons, die tradisie, ons verstand en gevoelens die mees onbetroubare rigtinggewers denkbaar is. Dit is papvrot aan die binnekant omdat sonde en die vyand so 'n houvas daar het. Net God se Woord is betroubaar genoeg om jou lewe op te bou. Daarom moet ek en jy êrens in ons lewe op 'n punt kom waar ons onvoorwaardelik kies om God se Woord te glo en te vertrou as die enigste bron en toets vir wat die volle waarheid is. Dat dit en dit alleen die finale sê sal hê in jou lewe. Dat dit die kompas sal wees wat die laaste woord oor rigting sê; die laaste "wyse" wat jy raad sal vra en die laaste toets wat jy sal aanlê.

Daarom het ek voor in my Bybel geskryf: God het dit gesê. Ek glo dit. En daarmee is die saak afgehandel.

Dit is dus van lewensbelang dat ons tyd sal maak om met God en Sy Woord besig te wees. Om vir Hom genoeg tyd te gee om te kan inspreek in ons lewens en om ons so te verander. Ek lees van hierdie Indiese Christen, Sundar Singh, wat rondom 1905 geleef het wat 'n besondere tegniek gehad het om met God se Woord om te gaan. Hy het elke dag van 05:00 tot 07:00 tyd gemaak om met God en Sy Woord stil te word. Eers lees hy 'n hoofstuk uit die Bybel; dan spandeer hy tyd om oor van die frases en uitdrukkings daarin na te dink; dan vra hy God om deur Sy Gees ook uit ander gedeeltes uit die Skrif met hom te praat; en dan spandeer hy tyd om sommer net God se teenwoordigheid en liefde te geniet.

'n Ander bruikbare metode is om 'n gedeelte in die Bybel te lees; seker te maak jy verstaan wat die Woord vir die eerste lesers gesê het; dan die Heilige Gees te vra om jou te help om dit toe te pas in jou eie lewe en in geloof en gehoorsaamheid te gaan doen wat jy moet doen in die lig van daardie Woord. Die Bybel sê immers ons moet nie net hoorders van die Woord wees nie, maar ook daders van die Woord word (Jak 1:22). God se Woord is nie net vir ken nie. Dit is daar om jou lewe te verander. Daarom sê

Jesus daar in Joh 8:31 en 32: "...As julle aan my woorde getrou bly, is julle waarlik my dissipels; en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak."

Dit gaan soms moeilik en selfs pynlik wees om met God en Sy Woord besig te wees, want dit wil dat ons moet verander ... Terwyl verandering nooit vir een van ons lekker of gemaklik kom nie. God wil ons vry maak, maar voordat ons vry word, moet ons eers soms so siek en moeg vir onself en vir ons ou manier van lewe of optredes word, dat ons wil verander. Daarom moet God baie keer eers ons motiewe oopvlek, die vinger in die seer van ons sondes druk, en aandring dat ons moet verander. En selfs as ons dan besluit om te verander, is dit nog steeds 'n moeilike proses. Vereis dit soms om aan te hou doen wat God se Woord sê ons moet doen, ten spyte van al die weerstand daarteen. En weerstand moet ons verwag; juis omdat ons weet dat daar nog in elkeen van ons 'n ou mens is waarmee ons moet rekening hou, asook die onsigbare vyand en sy magte wat beslis ook alles in hulle vermoë gaan doen om te verhoed dat jy gemaklik kan doen wat God van jou verwag.

Prys die Here dat Hy bedoel het dat ons deel moet wees van 'n geloofs familie êrens. Dat ons 'n groepie gelowiges om ons kan hê wat by ons kan staan en vir ons verantwoordelikheid begin neem om ook inspraak in ons lewens te hê.

Hieronder kan nie een van ons nie. Kan ek jou vra: Het jy geestelike familie en geestelike mentorfigure om jou wat God kan gebruik om jou te bedien met waarheid indien nodig? Wat kan sorg dat jy doen wat jy moet doen, en aanhou daarmee. Ons is immers op hierdie aarde om te verander.



## IN DIE LEERSKOOL VAN GOD

---

Welkom in die universiteit van die lewe! Dit is 'n leerskool die, waar niks toevallig gebeur nie en alles êrens inpas in God se lesplan vir jou lewe. Selfs die grootste rampe en tragedies gebruik Hy as lesmateriaal om jou deur ervaring te leer. Rom 8:28 se bewoording daarvan is dat dit “tot jou beswil” sal wees.

Blaai saam met my na Heb 12: 1 tot 12 toe. Laat my toe om jou net eers iets van die verband van die hoofstuk wys: Die skrywer skryf oorspronklik aan Christene wat tydens die regering van Nero die teiken geword het van sy woede (lees maar Heb 10:34 en 11:36 om iets te verstaan van die pyn en lyding wat hulle onder sy tirannie beleef het). In so 'n mate dat van hulle begin dink het om selfs terug te keer na die Judaïsme en die Sinagoge, net om hom van hulle nek af te kry. Daarom skryf hy hierdie brief aan hulle om hulle te bemoedig om vas te staan omdat hulle weet dat hulle in Jesus Christus immers 'n ontmoeting met die lewende God self gehad het (13:22).

Een van die dinge wat hy dan beklemtoon is – en ek wil sommer my eie beeld gebruik – is dat Christen-wees is soos om 'n berg uit te ry met 'n waentjie met twee karperde, geloof en volharding/vasbyt. Geloof is om te glo dat God bestaan en dat gaan gebeur wat Hy gesê het. En daarvan het ons baie voorbeelde (kyk maar net die galery van foto's wat daar in Heb 11 vir ons gewys word). Volharding is dan die vashou aan daardie Woord en beloftes van God totdat dit gebeur het. Volharding gaan dus nie oor hoe en of jy begin het om te glo nie; dit gaan oor of jy vasbyt tot die einde en hoe jy klaarmaak (kyk Heb 10:36 en 39).

Kom ons lees nou hoofstuk 12:1-12. Ons het ongelukkig 'n reuse vertalingsprobleem in hierdie gedeelte. Dit maak dat die meeste mens wat hierdie gedeelte lees, 'n God sien met 'n lat wat gereedstaan om Sy kinders te wiks. Terwyl ek glo dat dit juis nie die bedoeling is nie. Dit klop immers nie met die res van die Skrif se prentjie van God nie.

Die probleem kan egter redelik eenvoudig opgelos word deur, in die Nuwe Afrikaanse Vertaling, die woordjie “tug” of “getug” te vertaal met “leer” en “geleer”. Met een uitsondering, naamlik vers 6, wat ek sou vertaal met “... want die Here leer hom wat Hy liefhet; Hy dissiplineer elkeen wat Hy as kind aanneem.”

Die bedoeling van die gedeelte is dat God ons leer soos wat 'n mens 'n klein kindjie in 'n atmosfeer van koesterende liefde leer. God se bedoeling is immers nie om ons te vernietig of te breek nie, maar eerder om ons te “vorm” tot mense wat hierbinne vrede het omdat elke ding wat hulle doen presies klop met wat God in Sy hart vir hulle het (vers 11).

Miskien klink dit 'n bietjie te teoreties vir jou. Kom ek neem jou terug na 'n kwartaal in universiteitsleerplan van 'n Dawid waar hy 'n paar dinge geleer het wat vir die meeste van ons ook nou van belang is:

- 1 Sam 16 – Jy ken die verhaal. Dawid is so 12 tot 14 jaar oud en sy gesin is uitgenooi – iets buitengewoon – om saam met die profeet, Samuel, aan God te offer. Maar die feit dat Dawid in die veld agtergelaat word om die skape op te pas, wys iets van hoe sy pa oor hom gedink het. Wat hy egter gou sou agterkom

is dat God besluit het dat sy jong tienerseun die nuwe koning van die volk Israel sou wees.

- Dan volg 'n merkwaardige 16 jaar in Dawid se lewe wat God gebruik as voorbereiding om hom 'n koning en man na God se hart te maak. Jy kan maar self die volgende paar hoofstukke lees om, byvoorbeeld, te sien hoe God sorg dat hierdie seun in die paleis beland om by die bestes daar te leer te word en so gewoon te word aan die weelde en die lewe van 'n koning (vers 17 ev). Maar jy sal ook sien hoe God hom nederigheid leer (vers 21). Hy sou ook leer hoe om op God en Sy Woord te vertrou as die bese die volk van God uitdaag (hoofstuk 17). Kan ek sommer so tussenin vra: Hoe lyk jou Goliat in jou lewe? Is dit dalk finansies of 'n ramp of 'n geworstel met jou gesondheid? Het jy al geleer om dit tegemoet te stap in Jesus se Naam met Sy Woord in jou hand as wapen?
- Maar God leer hom ook geduld as Saul, die gesalfde koning, 'n mal koning word, wat so jaloers word dat hy Dawid as 'n bedreiging begin ervaar en wil doodmaak. 'n Mens kan Saul soms so maklik veroordeel sonder om te besef dat in jou eie ou natuur ook maar iets van hierdie "maligniteit van 'n Saul" sit. Net die Gees van God en Sy gedurige beheer in jou lewe kan jou help om dit te oorwin.
- Dan vat God Dawid woestyn toe as hy skielik op "police file" gesoek word deur koning Saul. Daar moet hy leer om te wag op God se tyd en om nie deur rebellie of selfpromosie sy saak in eie hande te neem nie. Hoe moeilik is dit nie vir almal van ons nie! Daarom is dit so noodsaaklik dat God ons onderworpenheid, geduld en vertrouwe leer voordat Hy ons met groter verantwoordelikheid kan beklee.

Ek wil afsluit. Dink 'n bietjie na oor hoe God met jou oor die jare gewerk het en wat jy alles in die universiteit van die lewe reeds geleer het. Niks daarvan is ooit 'n vermorsing van tyd, energie of geld nie. Ons God is immers die mees ekonomiese God wat daar is. Alles pas êrens in Sy prentjie vir jou lewe. Vertrou Hom daarvoor om met jou uit te kom by dit wat in Sy hart vir jou is.

## TUSSEN GOD SE BELOFTES EN VERVULLING

---

Tussen die tyd waarin God Sy beloftes aan ons gee en die vervulling van daardie beloftes – waar daardie beloftes deurbreek en manifesteer in die werklikheid waar ek en jy dit kan sien en ervaar – word ons geoefen en gebrei in God se gimnasium van die lewe. Word ons getoets van twee kante, sê Jakobus daar in hoofstuk 1.

Kom ons blaai daarheen en lees verse 2 tot 8 en ook verse 12 tot 18. Dit is belangrik dat jy mooi onderskei van watter kant hierdie toetse in ons lewe kan kom:

- Aan die een kant is God self besig om ons geloof te toets. Hierdie soort toets noem Jakobus “beproeving”. Maar dan nie beproewing net in die sin van dat dit jou wil maak huil nie, maar eerder beproewing in die sin van beproef of loutering soos wat met goud gebeur in die smeltoonde. Sodat alles wat onsuiver is en nie daar hoort nie, kan afkook. ‘n Ander mooi beeld hiervan is om te dink watter pad ‘n diamant geloop het om vandag diamant te wees: Hoeveel eeue se intense hitte en druk het dit nie gekos om daardie stuk steenkool ‘n diamant te maak nie! In ons lewens beleef ons iets hiervan wanneer God ons gesindhede onder die vergrootglas sit, of onder druk te sit, om te kyk hoe jy gaan reageer. Waar Hy jou toets of jy byvoorbeeld bereid is om te vergewe waar nodig; of bereid is om geduldig te wees; of bereid is om aan te hou om Hom te vertrou om Sy beloftes aan jou te hou, ten spyte van wat tans om jou gebeur.
- Maar die anderkant van die saak is dat sommige van die toetse die onsigbare vyand is wat op een of ander wyse soms dinge op die tafel sit of dinge kan blokkeer of in die wiele ry om ons so te versoek en te verlei (verse 12 tot 18). Iemand sê dit so: Hy sê dit is asof die bose vir ons – soos ‘n tipiese visserman – aas uitsit om ons so te vang. ‘n Kinderpreek wat ek nooit sal vergeet in die verband nie, is om hieraan te dink asof die bose my letterlik met ‘n doodgewone garedraadje uiteindelik so vasgedraai kry dat ek nie meer kan loskom nie; wat maak dat ek ‘n hulpelose prooi word wat hy met gemak kan manipuleer soos en hoe hy wil.

Kom ons gaan kyk na ‘n spesifieke gebeure in ‘n Dawid se lewe waarin hy iets van hierdie beproewing, maar ook versoeking prakties in sy lewe beleef het daar in 1 Sam 30. Kom ek herinner jou net weer aan die scenario agter hierdie verhaal:

- Dawid word as die nuwe koning van Israel as jong tienerseun van ±14 jaar oud gesalf. Eers toe hy 22 en ‘n halwe jaar oud is word hy amptelik in die openbaar gesalf en aangestel as die koning van Juda (2 Sam 2). En eers op 30 jaar oud word hy finaal as die koning van die hele volk Israel gesalf en aangestel (2 Sam 5).
- As jy jou sommetjies sou maak, sou jy agterkom dat Dawid letterlik 16 jaar moes wag vir God se beloftes om deur te breek en waar te word in die wêreld waar hy dit met sy eie oë kon sien en dit werklik kon ervaar. En wat ‘n tyd was hierdie 16 jaar nie! Ons het verlede keer reeds hierna verwys. Vir jare moes hy soos ‘n misdadiger vlug van een plek na ‘n ander omdat Saul, die mal koning, hom wou

doodmaak. Wat 'n tyd van beproewing was dit nie vir hom nie! Om te bly glo dat God Sy beloftes aan hom sou hou. Maar aan die anderkant, hoeveel keer is hy nie versoek toe hy geleentheid gehad het om sake in sy eie hande te neem en Saul dood te maak om so koning te word nie!

- So beland hy dan, op een van hierdie vlugtogte van hom, tussen die Filistyne. Dawid wou die geleentheid gebruik om die koning van die Filistyne se guns te wen, om daar in die geheim, hulle letterlik van binne-af te rysmier en uit te roei. Maar 1 Sam 30 vertel ons van hoe een so 'n operasie sleg skeefloop. Wat maak dat Dawid en sy manne te laat afkom op hulle eie dorp nadat die Filistyne dit reeds aangeval en vernietig het. Vers 3 vertel ons hoe die Filistyne die stad afgebrand en al die vrouens, kinders en ander buit weggeneem het.

Dawid en sy manne was verpletter. Hulle het gehuil totdat hulle nie meer kon huil nie. Stel jousef in so 'n situasie voor. Wat gaan nie alles deur 'n man se kop nie! Watter toets, maar ook versoeking is so 'n krisis nie! Van die manne wou somer hulle woede, bitterheid en hartseer op Dawid uithaal en hom doodmaak. En daarom gryp dit my des te meer aan hoe Dawid onder hierdie druk optree:

- As dinge rof raak rondom ons, kan dit so maklik gebeur dat ons begin om mekaar aan te kla of aan te val, terwyl ons eerder maniere moet soek om die onsigbare vyand agter die skerms aan te vat.
- Ons sien hoe Dawid, toe hy nie meer oplossings en planne het om die uitdagings rondom hom die hoof te bied nie, nog steeds geloof gehad het. Daarom draai hy na God toe, maak die ander stemme om hom stil, en gaan soek in Sy teenwoordigheid antwoorde (vers 6). Daarom is dit vir my so aangrypend om die NIV se vertaling van die laaste gedeelte in vers 6 te lees: "But David found strength in the Lord his God".
- Dan begin hy God se wil en hart vir hierdie situasie te soek. Hy vra God twee vrae: Moet ek die vyandige bende wat dit gedoen het, agtervolg? En, sal ek hulle inhaal?
- God antwoord hom drie dinge wat twee beloftes insluit: Ja, agtervolg hulle, want jy sal hulle inhaal en jou mense uit hulle hande red. En dan doen Dawid wat God hom aangesê het om te doen. Hy sit dadelik die vyand met sy 600 man agterna. In so 'n mate dat 200 manne later van pure uitputting uitval. Maar Dawid gaan aan met die 400 wat oor is. Dit is toe dat hulle op die Egiptiese slaaf langs die pad afkom wat besig was om van honger en dors om te kom. Het jy gesien hoe Dawid hierdie man (wat duidelik deel was van die bende wat hulle stad afgebrand en verwoes het) behandel het? Hy voed en bedien hom eers met wat hy nodig gehad het, want hy het 3 dae en 3 nagte laas iets geëet of gedrink. Uiteindelik sou hy ook hulle sleutel tot die oorwinning en God se voorsiening in hierdie situasie wees. Dit het my maar net weer bedag daarop gemaak dat 'n mens werklik God moet vra vir oë wat Sy oplossings in situasies kan raaksien.
- Dan lei hierdie man hulle na waar die vyand gaan oornag het. Toe hulle daar aankom, sien hulle hoe die vyand aan die feesvier is oor die "pasafgelope geslaagde veldtog". Die res van die storie ken jy: Hoe God dan vir Dawid, soos

Hy beloof het, help om die vyand totaal te verslaan en alles terugkry wat die vyand by hulle kom steel het. Dit is werklik 'n geval van ALLES PLUS terugkry. Dink maar net aan die vreugde om weer hulle vrouens en kinders lewendig terug te kon kry, plus nog al die dinge wat die vyand gesteel het, en ook ander dinge wat die bende heel waarskynlik op 'n paar ander plekke ook gesteel het. Soveel so dat hulle genoeg gehad het om aan mekaar, aan die 200 wat nie heelpad kon saam kom nie, en aan van hulle ander vriende in Juda, kon uitdeel met die woorde: Dit is vir julle 'n geskenk uit die buit van die vyande van die Here" (vers 26).

Satan is dief en 'n leuenaar. Daarom moet ons nooit sommer net glo wat ons hoor nie. En moet ons nie sommer enigiets wat hy by ons kom steel, gedweë aanvaar nie. Gaan soek God se strategie en wil daarvoor en doen dan wat Hy jou sê.

Moet ook nie enige geskenk wat God jou in die proses bygee sommer misken net omdat die vyand êrens 'n vinger in die pastei gehad het nie. God wil jou en die mense om jou in die proses dalk seën met baie meer as wat julle ooit voorheen gehad het, sodat jy weer kan uitdeel en ander kan seën in die proses.

Ek wil afsluit. Die lewe is baie dae soos om in die eksamenkamer te sit en toets skryf. Sommige van die toetse het God opgestel om jou geloof te oefen en te brei. Maar ander van die toetse kom direk uit die hel om jou te versoek en te verlei, om jou te belieg en by jou te steel waarmee God jou wou seën. Wees dus bedag en waaksaam.

## OM WERKLIK VRY TE WORD

---

In Joh 8:31 en 32 staan daar: "Toe sê Jesus vir die Jode wat in Hom glo: "As julle aan my woorde getrou bly, is julle waarlik my dissipels; en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak."

Sedert ons die lewende God ontmoet het en Jesus Christus as Verlosser en Here begin volg het, is God deur Sy Gees besig met 'n vernuwingsproses in ons lewens. Hy is besig om ons te verander. Hy is besig om ons nuwe dinge te leer en in die proses ons vry te maak ... vry te maak van 'n dink en doen soos al die mense om ons. Sodat ons weer op ons beurt lig kan wees daar waar die Here ons geplaas het.

Een so 'n terrein is geld, rykdom en ons finansiële verantwoordelikhede in hierdie wêreld. Besef jy hoeveel keer praat die Bybel daarvoor? Kom ek noem vir jou 'n paar vergelykende syfers:

- 215 verse in die Bybel praat oor geloof. En natuurlik is geloof ook belangrik as ons oor ons finansies praat, want die Skrif roep ons op om te glo dat God werklik in ons finansiële behoeftes sal voorsien.
- 218 verse praat oor verlossing. Ek glo dat 'n persoonlike geloofsontmoeting met Christus Jesus as Verlosser en Here die begin kan wees in Christen se lewe van wat ek as finansiële vryheid wil beskryf.
- 2084 verse in die Bybel verwys na geld, rentmeesterskap, en ons finansiële verantwoordelikhede in hierdie wêreld. Ek glo dat die rede waarom daar meer tekste hieroor is as oor geloof of verlossing, is natuurlik nie omdat geld belangriker as verlossing en geloof is nie, maar eerder omdat God juis ons hantering van ons finansies en ander goed gebruik as 'n praktiese toets vir die volwassenheid van ons geloof en vir die diepte van ons verlossing.

Ons moet besef dat ons in die finansiële wêreld ons bevind op terreine waar geestelike magte uit die geesteswêreld net so 'n realiteit is as dit wat ons met ons gewone oë kan sien en met ons hande kan vat. Hierdie magte het een doel voor oë het en dit is om met God vir ons liefde as mens te "kompeteer". G'n wonder 1 Tim 6:10 praat van die verwoestende krag van die "liefde vir geld en goed" in 'n mens se lewe nie!

God roep sy kinders op om Hom met hulle hele wese bo alles in hulle lewens lief te hê. Dit is natuurlik 'n lewenslange leerproses oor wat dit in werklikheid behels. Deel hiervan is dat God Sy kinders se manier van dink oor geld en die besteding van geld moet vernuwe. Ons spot immers nie verniet dat die laaste deel van 'n Afrikaanssprekende Christen wat tot bekering moet kom, juis sy beursie is nie!

Soveel van ons het mos hierdie ding oor geld en goed. En miskien is daar redes voor. Miskien kom dit uit ons agtergrond of wat ons by ons ouers geleer het. Of miskien is dit omdat ons te veel verkeerde goed oor tiendes, en te min oor wat die Bybel regtig oor geld te sê het, gehoor het. Daarom glo ek is ons lewe op aarde tyd vir ons om ook uit te maak hoe belangrik goed, dinge en geld werklik in 'n mens se lewe behoort te wees.

Ef 6 sê ons leef in 'n wêreld waar daar onsigbare magte is wat 'n geweldige houvas kry op mense, en dat ons worstelstryd eintlik teen daardie onsigbare magte is. Nou is dit baie interessant dat Jesus vir ons een van hierdie onsigbare magte se naam gegee het. Onthou jy hoe Hy ons vertel het van 'n mag met die naam, Mammon? Kom ek haal vir jou aan wat Hy daar in Mat 6:24 ev daaroor gesê het: "Niemand kan vir twee base tegelyk werk nie. Hy sal óf die een minder ag en die ander een hoër, óf vir die een meer oorhê en die ander een afskeep. Julle kan nie God én Mammon dien nie. Daarom sê Ek vir julle: Moet julle nie bekommer oor julle lewe, oor wat julle moet eet of drink nie, of oor julle liggaam, oor wat julle moet aantrek nie. Is die lewe nie belangriker as kos en die liggaam as klere nie? .... Julle moet julle dus nie bekommer en vra: 'Wat moet ons eet of wat moet ons drink of wat moet ons aantrek?' nie. Dit is alles dinge waarvoor die ongelowiges begaan is. Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het. Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee."

Aangrypend! Die ander deel wat jy ook hieroor kan lees is Luk 16:1 tot 13.

Hoor jy wat Jesus hier sê? Kom ek vertaal dit baie prakties: Hy leer ons dat hierdie Mammon-gees deur geld 'n houvas op mense se lewens kan kry. Daarom gaan ons hantering van geld juis wys of ons bloot slawe van Mammon is, en of ons deur God vertrou kan word met dit wat werklike "rykdom" is. Luk 16:11 ev sê ook dat hierdie Mammon-gees jou so kan belieg dat jy kan dink dat rykdom in die geld-skatte op aarde kan lê.

Besef jy hoeveel mense op aarde sit nie vasgeval in hierdie leuen nie! Daar word tans bereken dat 2,3 triljoen dollars vandag in Amerika vasgevang lê in die testamente van die geslag ouers uit die depressiejare, wat wag op die volgende generasie mense. Dink net wat kan gebeur as hierdie nuwe generasie begin verstaan dat hulle skatte nie hier op aarde gevind kan word nie, maar dat dit 'n magtige instrument kan wees om die koninkryk van God hier op hierdie aarde kan laat kom!

Besef jy dat hierdie selfde Mammon-gees miljoene mense vasgevang hou in 'n gees van armoede en armoedementaliteit! Maar dit is ook hy wat ons verlei om ons hoop en vertrou op ons rykdom, salaris, goeie werk en baie aardse sekuriteite te vestig. Daarom moet ons mekaar uit die Woord van God begin herinner daaraan dat die Mammon-gees, soos alle ander demoniese geeste, 'n leuenaar is. As hy ons wil vertel dat as ons geld het, ons genoeg het, of iets van waarde het; as hy ons daarvan probeer oortuig dat ons genot of vreugde afhang van wat ons het; of dat dit standhoudend of werklik sekuriteit is, is hy besig om ons te belieg.

Maar dit is ook nie dat hy net vir ons lieg nie. Die Mammon-gees is ook 'n dief wat ons wil beroof. Hy wil ons beroof van dit wat werklik in ons behoeftes kan voorsien. Hy wil ons beroof van die oorfloed wat God vir ons beloof het. Daarom moet ons so versigtig wees as ons geld hanteer, want ons besef dat ons nou op 'n terrein beweeg waar hierdie magte aan die werk is.

Ek glo dat God ons moet leer om juis geld te gebruik as net nog 'n instrument waarmee ons Hom as God kan liefhê bo alles en ons naaste soos onself. Dit is 'n instrument wat ons kan weggee, om so ruimte te maak vir God se Koninkryk om in ons eie lewe en om

ons te heers. Ja, wat ons selfs kan gebruik om so die moontlike houvas wat dit in ons lewens kan kry, te breek.



## AGT SIMPTOME AS MAMMON 'N HOUVAS OP JOU LEWE HET

---

Maar miskien wil jy my sê, maar ek is 'n Christen en Mammon het geen houvas op my lewe nie! Kom ons toets dit 'n bietjie:

---

### 2.1 ANGSTIGHEID EN BEKOMMERNIS OOR FINANSIES

---

- Mat 6:24,25,28,31 en 34 is baie duidelik daaroor dat ons ons nie hoef te bekommer oor dit wat ons normaalweg nodig het in ons lewens nie. God belowe immers dat Hy as 'n goeie Vader daarin sal voorsien.
- Maar daar is ook 'n bepaalde voorwaarde daaraan verbonde: God se koninkryk en Sy wil moet die beherende beginsels en "commitment" in ons lewens wees.
- Onderwerp jou dus aan die leuenverklikkerstoets van die Bybel in hierdie verband, deur jousef daar aan God se voete af te vra: Soek jy werklik die koninkryk van God bo alles in jou lewe? Hoekom is daar dan enige angstigheid oor jou lewensbehoefte in jou lewe as dit werklik waar is?

---

### 2.2 "EK KAN DIT NIE BEKOSTIG NIE" - MENTALITEIT

---

- Sodra jy so 'n stelling moet maak, is dit 'n aanduiding dat jy nie presies weet wat genoeg is in jou lewe nie. Dit is net God wat dit vir jou kan leer daar aan Sy voete, en jou kan help om daar 'n geslote begroting vir jou en jou gesin, en vir jou besigheid uit te werk. En as jy dit het, weet jy wat jy nodig het, of wat God belowe het jy kan kry.
- So 'n geslote begroting bestaan uit antwoorde op drie vrae: Wat is jou verpligtinge? Wat is jou behoeftes? En wat is jou begeertes?
- Verpligtinge wat ons as Christene reeds aangegaan het, moet ons nakom. Daarom is dit die dinge wat eerste elke maand betaal moet word. En as ons dit om een of ander rede nie ten volle kan vereffen nie, moet ons reëlings tref om dié deel daarvan te vereffen wat vir ons wel moontlik is.
- Oor wat werklik ons behoeftes is, moet ons voor God gaan sit en dit met Hom uitmaak. En wat Hy goed gekeur het, sal Hy dan ook gee.
- Dieselfde geld vir ons begeertes. God wil ook aan Sy kinders sekere van hulle hartsbegeertes gee. In die mate wat ons intiem met Hom dag tot dag wandel, gaan ons ook ontdek dat ons hartsbegeertes juis deur God geïnisieer word (Ps 20:5; 37:4), om ons meer as wat ons nodig het, te kan gee. Jesus het immers gesê dat Hy gekom het sodat ons die lewe kan hê en dit in oorvloed.

---

### 2.3 IMPULSIEWE TRANSAKSIES

---

- Vra altyd vir die Here vooraf of jy dit mag koop. Dit is die reël in die Koninkryk van God. Hy is die Here. Sy opinie is die laaste woord oor 'n saak.

- Onthou: impulsiwiteit is 'n vloek, en 'n houvas wat die bose op mense kan hê!
- As jy getroud is, gaan sit as man en vrou vooraf saam in die teenwoordigheid van julle Here en stem saam oor dit wat aangekoop moet word. Bid daarvoor, en maak ook julle ander begeertes by God bekend waarvoor daar nie nou genoeg geld is nie. Vertrou Hom om ook dit aan julle te gee waarvoor julle in Sy Naam saamstem.
- Hou daarom altyd jou lysie wat jy met God se goedkeuring uitgemaak het, byderhand.

---

## 2.4 ONVERGENOEGDHEID

---

- Fil 4:11 e v vertel vir ons van tye in Paulus se lewe waar hy ook sekere behoeftes gehad het (omdat hy waarskynlik van dit wat hy nodig gehad het om in sy eie behoeftes te voorsien, weggee het).
- Tog kon hy ook getuig van die tye waar hy te veel gehad het.
- Ons moet as Christene leer om albei hierdie ervarings te hanteer met 'n vergenoegdheid en 'n vrede voor God, omdat ons weet God is in staat om in al ons behoeftes uit sy rykdom te voorsien (Fil 4:19).

---

## 2.5 ONVERANTWOORDELIKE BESTUUR VAN ONS FINANSIES

---

- Dit het altyd vrees en bekommernis in ons lewe tot gevolg.
- En lei tot gebrek, en krisis.

---

## 2.6 GEBIND DEUR SKULD

---

- En nou praat ek baie spesifiek oor skuld wat jy moes aangaan om in jou daaglikse of maandelikse behoeftes te voorsien. Ek praat dus hier van daardie soort skuld wat jy moes aangaan as gevolg van wanbestuur wat tot oorspandering op jou kredietkaart of 'n oortrokke tjekrekening tot gevolg het. Ek praat dus hier van enige ander rekening wat jy moes aangaan om dinge aan te koop, wat nie deur die Bybel as "wealth" gereken word nie. (Wat nie as "skuld" gereken word nie, is die huis- of eiendomslening wat die Here wel goedgekeur het).
- Vir al hierdie skuld geld Rom 13:8,9. Hierdie skuld bind mense, en is die seekatarm van die wêreldstelsel om die lewe uit hulle te druk, en ons magteloos te maak om te gee soos God begeer ons moet gee.

---

## 2.7 GULSIGHEID

---

- Gulsigheid maak dat ons meer en meer van 'n ding koop wat ons reeds het.

- Die wêreld buit hierdie gees van gulsigheid in mense uit deur alles in stelle, reekse en nuwe modereekse te koop aan te bied.

---

## 2.8 OORSKATTING VAN DIE KRAG VAN GELD

---

- Hoeveel mense dink dat alles van waarde in hierdie lewe met geld gekoop kan word!
- Of dat alles in hierdie lewe met geld reg gemaak kan word.

As die Here jou bewus het van een van hierdie simptome in jou lewe, kom bid saam met my vir 'n vry word hiervan:

Vader, ons kom na U in die Naam van Christus Jesus, op grond van die volkome verlossing wat Hy vir ons en namens ons aan die kruis en in die graf behaal het. Ons wil graag ons sondes in hierdie area van ons lewens as U kinders bely. Daarom bely ek ... (vul jy maar hier in wat nodig is). Kom reinig my deur die bloed van Christus Jesus van alle emosies van angstigtheid, of gevoelens van onsekuriteit, of vrese van te min wat deur die jare my gebind het in hierdie deel van my lewe. Sny die wortels van hierdie dinge in my lewe af in die Naam van Christus Jesus. Ek maak nou my lewe oop sodat U liefde en U genade in Christus Jesus deur die werking van die Heilige Gees, my hele lewe kan suiwer en heel. Ek bid dat U sal kom deur die swaard van U Woord en deur die werking van die Gees, en dat U my volkome vry sal maak in hierdie area van my lewe om U alleen as Here te eer en te dien. Breek elke vloek wat daar oor my lewe in hierdie area is. Breek elke band uit die verlede en uit my voorgeslagte wat die bose 'n houvas gegee het op my lewe in die Naam van Jesus Christus. Here, ek wil graag my finansiële huis in lyn kry met U wil vir my lewe. Daarom bid ek dat U my sal leer hoe om geld te hanteer sonder om daardeur beheer te word. Verhoed dat dit ooit vir my sekuriteit of 'n skat sal word. Leer my hoe om dinge te besit sonder dat ek ooit die eienaar daarvan word. Maak my net 'n goeie bestuurder daarvan. Leer vir my wat werklik van waarde is in die lewe. En leer vir my die dissiplines aan om 'n eenvoudige lewe te leef midde al die oorfloed dinge wat U my gaan skenk. Here, en leer my op te gee soos U wil hê ek moet gee. In Jesus se Naam bid ek dit. Amen.

## BEGIN DOEN WAT JY MOET DOEN

---

Jy is hier op aarde, presies daar waar jy tans is, vir 'n baie spesifieke rede. Jy is nie bedoel om bloot 'n suurstofdief te wees nie. God het 'n plan spesifiek vir jou.

Ek weet as ek dit vir jou sê, voel party mense skoon oordonder daardeur, want – in hulle eie woorde – “hulle weet nie wat hulle bediening en taak is nie”.

Die rede daarvoor, lyk vir my, is dat baie van ons aan “bediening” te “airy-fairy” dink. Asof dit hierdie stem uit die hemel moet wees wat vir jou moet sê: Los alles en gaan doen net dit! Terwyl “bediening” in 99% van die gevalle “doodgewone, alledaagse dinge” gaan wees wat jy in jou normale gang van sake gaan doen. Jy gaan maar net doen wat jou hande vind om te doen, of net doen wat jy in bepaalde situasies beleef God vir jou sê om te doen, en in die proses so jou spesifieke, Godbedoelde rol en taak vervul.

Hoor hoe sê Paulus dit daar in Ef 2:10: “Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie daade waarvoor Hy ons bestem het.” Daar in Joh 17:4 bely Jesus die volgende oor Sy eie lewe en bediening tydens Sy lewe op aarde: “Ek het U op die aarde verheerlik deur die werk te volbring wat U My gegee het om te doen.”

Hierdie wete dat God 'n plan met elkeen van ons se lewens het, word 'n dryfkrag en motiverende krag in 'n mens se lewe daardie dag as jy sê soos 'n Jesaja: Hier is ek, Here, gebruik my soos U wil. Êrens in my en jou lewe moet dus 'n punt kom waar ons commit om “doelbewus, bewustelik, hier te wees om te doen wat God wil ek spesifiek moet doen”.

Paulus roep ons hiertoe op as hy daar in Rom 6:13 sê: “Julle moet geen deel van julle liggame in diens van die sonde stel as 'n werktuig om goddeloosheid te bedrywe nie. Nee, stel julle in diens van God as mense wat dood was maar lewend gemaak is, en stel elke deel van julle liggame in diens van God as werktuig om te doen wat God wil.” Of as Petrus daar in 1 Pet 4:10 sê: “As goeie bedienaars van die veelvoudige genade van God moet elkeen, namate hy 'n genadegawe ontvang het, die ander dien.”

Ek weet daar is vir eeue 'n onderskeid gemaak tussen - hoe het ons dit gesê - “die besondere ampte” en die “gewone amp van die gelowige”. Alhoewel ek weet wat daarmee bedoel is, lyk dit vir my het hierdie begrippe verkeerdelik 'n kloof geskep wat maak dat gelowiges oor die algemeen nie verstaan dat as jy Christen is, jy 'n bediening het om Christen te wees, hoe en waar God jou geroep het nie. Dit is wat “bediening” beteken. Elke Christen is immers geroep om as volgeling van Jesus maar net beskikbaar te wees sodat God, die Heilige Gees, deur hom of haar mense en situasies om hulle kan bedien met die krag en gawes soos, hoe en wanneer Hy dit gee.

Dit beteken prakties dat ongeag wat jou beroep of besigheid is, of jy boer, sakeman, tuisteskepper, pensioenaris, of tiener op skool is, is jy “in bediening”. God wil jou gebruik net daar waar jy is. Jou persoonlike uitdaging is om maar net bewus te raak daarvan en om dan te kies om te enige tyd beskikbaar te wees as en wanneer God dalk deur jou iemand wil bedien waar daar 'n nood of 'n behoefte is.

Abraham was 75 jaar oud toe God hom bewus gemaak het dat Hy 'n plan met sy lewe het; Jakob het geworstel met 'n slegte selfbeeld; Josef het verwerping beleef tussen sy broers; Moses het gehakkel; Gideon was brandarm; Petrus was impulsief en 'n regte heethoof; maar God kon hulle gebruik. Wat is jou verskoning? Hy wil en kan jou ook kragtig gebruik.

God het niks gemors toe Hy jou gemaak het nie. Jy is in detail beplan. Elke talent, vermoë, belangstelling, stukkie van jou persoonlikheid, wie jy is, elke gebeure in jou lewe tot nou, elke les en ondervinding wat jy langs die pad geleer het, pas êrens in in God se plan met jou lewe. Jy is wonderlik kompleks, reënboog-geskakeerd toegerus en versier, alles met die oog op dit wat God spesifiek met jou van dag tot dag beoog daar waar Hy jou neergesit het.

Ek glo dat die uitdaging van elke geloofsfamilie of gemeente gelowiges, en opdrag van elke geestelike leier is om God te vertrou om vir hulle te wys wat spesifiek Sy plan en roeping met elkeen van die mense in daardie geloofsfamilie is.

Natuurlik is dit 'n proses van ontdekking. Ek glo dit gebeur waar ons tyd met mekaar begin spandeer, na mekaar se harte begin luister, luister na wat God deur Sy Gees oor elkeen sê en fyn kyk vir aanduidings van hoe God mense spesifiek gebruik (want hulle is baie keer nie eers self daarvan bewus nie).

Daarom glo ek mense ontdek "hulle bediening" deur ten minste na 5 dinge te kyk - waarvan ek net kortliks twee nou gaan hanteer. Volgende keer praat ek DV oor die res. Die vyf dinge wat bepalend is vir hoe God mense gaan gebruik is 'n kombinasie van geestelike gawes, hartsbegeertes, vermoëns, persoonlikheid en ervaringe.

#### 1. Ontdek watter gawes van die Gees deur jou begin vloei

1 Kor 12:11 sê: "Maar al hierdie dinge is die werk van een en dieselfde Gees, wat aan elkeen afsonderlik 'n gawe uitdeel soos Hy wil." God, die Heilige Gees, wil elke Christen gebruik op 'n verskeidenheid maniere "as getuie" dat daar 'n lewende God is wat mense liefhet en met elkeen van ons besig is. Om ons hiervan bewus te maak, wil Hy aan elkeen van ons, soos Hy besluit, bonatuurlike gawes/vermoëns gee om letterlik "deur ons te vloei". Soos water deur 'n tuinslang, wat verbind is aan die kraan, vloei. Wat hierdie bonatuurlike gawes of vermoëns kan wees, lees ons in 'n hele klompie plekke in die Bybel soos bv 1 Kor 12:8-10 en Rom 12:6 tot 8. Let op dit gaan hier oor buitengewone, geskenkte vermoëns wat God deur die werking van Sy Gees aan 'n mens gee. Dit kan selfs verder beteken dat dit nie eers altyd permanent daar hoef te wees nie. God se Gees besluit wanneer wat deur jou kan en moet vloei en hoe Hy jou wil gebruik in iemand se lewens. Die uitdaging dus is om te begin sensitief wees daarvoor dat God elkeen van ons wil gebruik en ook spesifiek hoe Hy ons elkeen begin gebruik – waar ons onself doelbewus beskikbaar begin stel.

#### 2. Begin luister na wat in jou hart is

Dit is wonderlik om te begin ontdek dat die manier hoe God elkeen van ons verskillend wil gebruik, reeds hier binne in elkeen van ons se hart reeds begin deurskemer. God se Gees is so getrou. Hy het lankal reeds 'n bondel begeertes,

belangstellings, drome en selfs ambisies in jou hart ingeweef wat alles te make the met die manier hoe Hy jou wil gebruik elke dag óm jou en ín ander mense se lewens. Daarom is dit so belangrik dat jy begin erns maak met dit wat in jou hart is, met dit waarvoor jy lief is en waarvoor jy werklik omgee. Soos wat elke mens op aarde, oor die eeue heen, elkeen sy of haar unieke vingerafdruk of stem gehad het, so het elkeen van ons 'n unieke "hartklop". Ons het eintlik 'n instinktiewe aanvoeling wat ons wil en kan doen, en hoe God ons wil gebruik. Party mense praat hiervan as jou spesifieke "passie". Die Bybel sê nie verniet dat ons God moet liefhê met ons hele hart nie. En lyk vir my dit gaan onder andere hieroor. Dat ek sal leer om elke dag voluit te lewe en heelyd ingestel en oop daarvoor sal wees dat ek "tuinslang" kan wees waardeur God se krag, liefde, genade, wysheid, lering, genesing, Woord, bemoediging, vermaning, ens kan vloei na 'n mede-broer of –suster, of na 'n vriend of vriendin, of dalk na iemand by die werk of selfs iemand met wie my pad eenmalig deur die dag sou kruis.

Moenie tevrede wees net om te leef nie. Daar is baie meer as net dit. Daar is 'n lewe moontlik wat jou kan bevredig soos jy nooit gedink moontlik kan wees nie. Soek dit. Want dit is wat dit prakties vir jou beteken "om God se koninkryk en Sy wil" vir jou lewe te soek.

## IS EK OP DIE REGTE PLEK, BESIG MET DIE REGTE DINGE?

---

Herposisionering ... hervestiging ... selfs verskuiwing! Dit is die sleutelwoorde wat ek hoor in God se planne vir hierdie nuwe jaar vir Sy kinders.

En ower gesedte zynde, vra al hierdie begrippe net 2 dinge aan elkeen van ons:

- Is ek op die regte plek waar God my wil hê in alle areas van my lewe?
- En ... is ek besig met die dinge wat nou in God se hart vir my lewe is?

Blaai saam met my na Ps 27 toe en dan lees ons eers net tot en met vers 4.

Kom ek haal vir jou vers 4 aan uit die Nuwe Vertaling en uit die NIV-vertaling:

*“Net een ding het ek van die Here gevra en dit sal ek najaag: dat ek my hele lewe lank in sy huis mag woon om sy goedheid te belewe en daaroor na te dink in sy tempel.”*

“One thing I ask of the LORD, this is what I seek: that I may dwell in the house of the LORD all the days of my life, to gaze upon the beauty of the LORD and to seek him in his temple.”

Om hierdie vers reg te verstaan as Nuwe Testamentiese gelowige, moet jy verstaan dat “die tempel” vir jou en my nie ‘n gebou of “die kerk” is nie. Omdat God deur Sy Gees in elke gelowige se liggaam “as Sy tempel” woon, kan ons dus God se teenwoordigheid letterlik op enige plek belewe.

Nou kan ons verder gaan.

In die Hebreeus word hier 3 werkwoorde gebruik wat baie belangrik vir ons nadenke is oor waar ons nou moet wees in die die lewe:

- Shabat = “dwell” of “sit in ‘n baie intieme gespreksituasie”
- Chazah= “gaze” of “mediteer” of “reflekteer”
- Baqar= “seek” of “soek na openbaring” of “soek na God se hart”

As jy nou die res van hierdie psalm lees, beleef jy aan jou lyf wat gebeur as ‘n kind van die lewende God werklik begin om kwaliteit-tyd te spandeer om op God se teenwoordigheid en Sy planne vir jou lewe te fokus.

En alles begin daar waar ek en jy begin tyd maak om te bid of, in die woorde van hierdie psalm, te “mediteer” in God se teenwoordigheid.

Ek weet ons het – in die lig van wat die New Age en ander ouens te sê het – maar baie weerstande teen “meditasie”, maar as jy ‘n bietjie daarvoor nadink dan is “meditasie in God se teenwoordigheid” die hart van wat ons al die tyd as “gebed” beskryf het.

En dit begin waar ons begin fokus ... op God ... en op wat in Sy hart vir my lewe is.

Raak vir ‘n oomblik bewus van wat in jou maag aangaan ... Is dit seer of ongemaklik? Het jy dalk iets geëet wat jy nie moes nie?

Sien jy, jou maag was nog altyd daar, maar toe ek jou “fokus” op jou maag, toe raak jy werklik bewus daarvan.

In 'n sin is dit wat in ons moet gebeur. As gelowiges glo ons dat die lewende God self in ons woon deur Sy Gees, en dat ons in Christus Jesus se Naam direkte 24-uur-uit-24-uur-toegang tot die lewende God het. Maar deur net stil te word, en bewustelik te fokus op Sy Gees in my, en my posisie in Jesus as God se kind, stap ek as't ware gefokus God se teenwoordigheid binne, met 'n openheid om werklik met Hom intiem te gesels en harte te deel.

Dit is dan wat ek – in die woorde van die Psalmdigter – bewus raak van Sy ondeurdringbare skild van liefde en beskerming om my, en wat ek kan ontspan in vertroue omdat ek weet Hy is totaal in beheer van elke detail in my lewe, van die stand van die aandelebeurs af tot by watter produkte beskikbaar is in die winkel om die hoek.

Daarom kan ek daar vir Hom begin vra na Sy wil vir nou in my lewe. Of ek op die regte plek is en met die regte dinge besig is.

God het elkeen van ons op 'n bonatuurlike manier gelei tot waar ons tans is. Elke ding in my lewe wat tot hier gebeur het, pas erens in in Sy plan vir my lewe.

- Selfs daar waar ek totaal my eie kop gevolg het en teen Sy hart vir my lewe keuses gemaak het (Rom 8:28).
- Selfs daardie tragiese dinge wat met my gebeur het toe die bose en sy magte op my losgetrek het om my te probeer vernietig.

So aan die begin van 'n nuwe jaar is dit nodig om net weer onself te herposisioneer ... al is dit net om seker te maak ek is op die regte plek, en ek is met die regte dinge besig.

Daar in God se teenwoordigheid beleef ek hoe die Here my uitlig tussen die mure van bepaalde realiteite in my lewenssituasie uit – wat baie keer my fisiese uitsig en insig in die ware stand van dinge so kan blokeer – sodat Hy vir my Sy perspektief op dinge kan gee.

Dit voel baie keer vir my asof God my met 'n helikopter kom uitlig uit my situasie sodat ek, van waar Hy sit, alles net soveel beter kan sien en kan verstaan. En dit maak dat ek met vertroue en met 'n nuwe verwagting kan begin doen wat ek moet doen.

Vertroue en geloof is in wese immers om met ver-wag-ting die tree te gee wat ek moet gee, terwyl ek kies om geduldig te wag op die waar word van God se beloftes vir hierdie seisoen van my lewe (Gal 6:9).

Maar daar in Sy teenwoordigheid word ons ook ontbloot ... sterf stukke van ons ... sterf van ons planne en ons metodes. Sterf groot dele van “ek” en “my”. Moet ek kies om te los en uit te pak. En kies om te vergewe en vry te spreek. Sodat my hande en lewe kan leeg kom ... om te vat wat Hy vir my wil gee vir die pad vorentoe.

Maar daar in Sy teenwoordigheid ontdek ek ook dat ek met dinge besig is wat ek werklik nie glo God se plan vir my lewe vir nou is nie. En skep ek moed om dan presies uit te vind waarheen dan ... Om dan te kan opstaan en die keuses vir verandering te neem wat ek moet.

So word ons daar in God se teenwoordigheid bietjie vir bietjie gesond.

Sodat ons gewilliglik Sy Gees in ons kan toelaat om weer die stuur van ons lewe te neem en ons verder te lei. En sodat Hy ons kan bekragtig en kan salf met 'n vars nuwe salwing bonatuurlike gawes en vermoëns vir ons opdrag vir môre en oormôre.



Dan kan ons opstaan en gaan doen wat ons moet. Terwyl ons in staat is om , tenspyte van die uitdagende realiteite en “vyande” rondom ons, uitbundig te dans en te sing (Ps 27:6): “Vanjaar gaan ons maar net weer beleef dat God goed is!” (Ps 27:13).

Daarom wil ek afsluit soos die Psalmdigter afsluit: “Wag op die Here ...” Het jy gehoor? Wag op die Here vanjaar voordat jy enigiets doen!

En as jy weet wat in Sy hart is, staan dan op en gaan doen dit met ‘n opgewondenheid en met vertrouwe, omdat jy weet dit is die kanaal waardeur die Hemelse Vader nou jou wil seën in jou lewe.

---

## ELKE DAG SAAI EN OES EK HIER

---

Dit is werklik 'n Koninkryksbeginsel dat ons van die oorvloed waarmee God ons seën, moet saai as offers in ander mense se lewens, soos en hoe God ons deur Sy Gees van situasie tot situasie opdrag gee om te doen.

Een van die bekendste Bybelse gedeeltes wat oor hierdie vorm van gee handel is 2 Kor 8 en 9. Dit gaan dus nie in hierdie gedeeltes oor die gee van 'n tiende nie, maar eerder oor die vrywillige offers wat 'n gelowige as deel van, en selfs naas sy normale gawes gee. Hierdie offers word dan deur God as "saad" gereken waarop ons dan 'n oes kan verwag.

Markus 4:14 tot 32, Luk 6:38 en 2 Kor 9:6 beklemtoon hierdie wonderlike Skrifbeginsel verder vir ons. Maar lyk vir my dat hier 'n paar riglyne uit die Skrif vir ons kan help om dit 'n werklikheid in ons lewens te maak.

---

### 1. VERWAG DIE OES IN GELOOF

---

As enige boer iets in sy lande saai, saai hy met hoop en in geloof om 'n oes terug te kry waar hy gesaai het. Dieselfde geld as ons in geestelike sin op grond van God se Koninkryksbeginsels begin saai waar God sê ons moet saai. Ons moet in geloof 'n bepaalde oes verwag op dit wat ons gesaai het.

---

### 2. BEREI DIE GROND VOOR ... DEUR GEBED

---

Enige boer kan vir jou sê dat 'n mens nie sommer op enige grond enige tyd kan saai nie. Jy kies die grond waarop jy wil saai eers sorgvuldig uit, en dan berei jy daardie grond goed voor voordat jy daarop saai. Alles in 'n verwagting op 'n goeie oes.

Dieselfde geld as ons geestelike offers in mense se lewens moet saai wanneer die Here deur Sy Gees vir ons so lei. Al gee God die opdrag, bly dit ons verantwoordelikheid om met gebed die "grond" in daardie mense se lewens voor te berei vir ons "saad". Ons moet met God in geloof onderhandel oor die "geestelike opbrengs" van daardie saad wat ons saai.

---

### 3. DIE OPBRENGS IS NIE VIR JOU SAK BEDOEL NIE

---

Omdat God in hierdie saak is, en ons op Hom vertrou vir die opbrengs, is dit belangrik om vir mekaar uit te wys dat die opbrengs van hierdie geestelike saad wat ons in diens van die Koninkryk in mense se lewens saai, nie bedoel is om ons te verryk nie.

Dit is hoe die wêreldstelsel daarvoor sou dink. In die koninkryk van God geld hier ander beginsels. Mrk 4:26 tot 29 help ons verstaan dat ook die oes op hierdie saad bedoel is om verder in die koninkryk gesaai te word.

---

### 4. SAAI IN DIE GEES EN WAG GEDULDIG TOT DIE OES VERSKYN

---

Gal 6:6 tot 9 en Jak 5:7 tot 11 leer ons om hierdie saai werklik onder die leiding van die Gees aan te pak en nie vanuit die vlees nie. As die Gees van God werklik ons lewenswandel beheer (Gal 5:16 ev), sal Hy self ook hierin voor ons uitstap en die bevele gee. Maar dan sal Hy ook self die vrug van geduld in ons lewens bewerk as ons moet wag op die oes.

---

## 5. MOENIE VERBASS WEES AS DIE OES DALK ANDERS AS DIE SAAD LYK NIE!

---

1 Kor 9:11 leer vir ons hierdie interessante waarheid dat waar ons soms sekere “saad” in mense se lewens saai, die oes nie noodwendig van dieselfde aard of soort is nie. Ons saai soms geestelike toerusting en pastorale berading in mense se lewens, en dan oes ons soms ‘n geldelike donasie of fisiese geskenk. Of soms saai ons geld in mense se lewens, en dan oes ons ‘n tjek wat van die belastinggaarder onverwags by ons opdaag.

Daarom is dit belangrik dat ons elke keer aan God se voete sal seker maak of dit die “oes” is of dalk Sy tydige versorging vir ‘n spesifieke behoefte van ons.

---

## 6. KULTIVEER DIE SAAD WAT JY GESAAI HET

---

Hiermee bedoel ek maar net dat as ons saad gesaai het, moet ons dit daarna versorg totdat die oes daar is. Ons moet bereid wees om dit gereeld water te gee en die onkruid uit te trek waar nodig. Ons moet dus verantwoordelikheid neem vir die versorging van die saad nadat ons dit gesaai het. En die manier hoe ons dit doen is deur ...

- Lofprysing en aanbidding dit voor God te bring
- God se Woord en God se beloftes daaroor te bly uitspreek in geloof totdat die oes daar is
- Gebed en interessie voor God se troon totdat die oes daar is
- Bereid te wees om die geestelike magte wat die oes wil keer, te weerstaan met die outoriteit en gesag in Jesus se Naam.

---

## 7. ‘N PERSOONLIKE GETUIENIS

---

‘n Deurbraak het in my lewe plaasgevind die oomblik toe ek mooi begryp het wat God se Gees vir my oor Mat 17:20 se mosterdsaad-geloof begin bedien het.

Ek het as’t ware vir die eerste keer begryp dat die Here bedoel dat ek in geloof saad van een of ander aard moet saai daar waar berge my pad blokkeer het. En dan sal ek beleef hoe daar oes sal volg op my saad, hoe God self in daardie situasie self met my berg handel.

Dit het selfs nog meer lewensverandering in my lewe bewerk toe ek dit in die lig van gedeeltes soos Gen 8:22; Gal 6:7; 2 Kor 9:10; Hand 20:35; 2 Kor 9:7; Heb 6:14; Luk 6:38; en Fil 4:19 begin verstaan dat deel van hierdie saai in geloof ook my gee insluit.

Maar het jy raakgesien dat hierdie saad voor die tyd in geloof gesaai moet word, sodat God - as daar berge in my pad opduik - self kan ingryp en dit kan verwyder as ek daarmee begin praat!

Ek is so bang jy hoor nie werklik die ontsagwekkende, kragtige waarheid wat in hierdie woorde opgesluit is nie. Daarom gaan ek dit weer probeer oorsê: Jou en my gee is die saad van geloof wat ons saai in 'n situasie, sodat God as oes 'n spesifieke berg van nood voor ons kan verwyder!

Dit is eintlik so logies dat dit juis so werk. Vra maar enige boer en hy sal jou vertel hoe hy die grond voorberei en dan saai, voordat hy van God in geloof 'n oes kan verwag. En dan bestaan daardie oes uit honderdvoudige, of sestigvoudige, of dertigvoudige vermeerdering van die saad wat hy gesaai het deur God self.

Dit is tog wat Luk 6:38 ons leer. En die res van die saligspreuke. Dat ons in geloof eers moet doen ... soos eerste vergewe, of vrede maak, of honger en dors na geregtigheid ... en dan sal ons beleef hoe die seën daarop volg.

Dit werk natuurlik dus vir die Nuwe Testamentiese gelowige heeltemal anders as wat dit in die Ou Testament rondom die gee van tiendes gewerk het. Daar het jy eers ontvang en dan het jy daarvan 'n tiende teruggegee. Jou tiende was dan as't ware jou skuld wat jy dan aan God terugbetaal het (vgl Mal 3:8 en 9 in die verband).

En dit is belangrik om ook te verstaan waarom dit vir ons anders werk. Christus het immers gekom en al ons skuld namens ons en vir ons reeds klaar betaal. Aan die kruis het Hy sy lewe as saad gesaai sodat ons as oes, die volheidslewe kan oes wat God vir ons bedoel het.

Deel van hierdie oes is dat die oorspronklike bedoeling rondom gee in ons lewens ook herstel sal word. Daar in die begin in Gen 8:22 is God se bedoeling uitgespel, naamlik dat saaityd altyd gevolg sal word deur 'n oestyd. Maar nou weet ek en jy dat dit in die stukkende wêreld waarin ons lewe nie altyd so gebeur nie. Te min reën of hael of peste kan die oes heeltemal vernietig.

Daarom het God vir sy volk in die Ou Testament geleer dat as hulle Hom as die Here in hulle lewens aanvaar en gelowige bely, dan is God eienaar van alles wat hulle het. Hy is die Eienaar van hulle eersgeborenes, en dan is die tiende rand syne, asook die sewende dag, en die sewende jaar moes alles geleentheid gegee word om te rus en God vertrou word vir wat nodig is. En die vyftigste jaar was dan die Jubilee-jaar waarin alle grond weer aan hulle oorspronklike eienaars teruggegee is, en alle slawe vrygelaat moes word en alle skuld kwytgeskel moes word. Op die manier moes hulle aan God terugbetaal vir wat Hy vir hulle elke dag gegee het.

Maar geen mens kon regtig aan God, vir wat hy ontvang, terugbetaal nie. Inteendeel, God se volk het Hom in die proses begin beroof, soos hulle Hom van eer en aanbidding en gehoorsame diens beroof het. Daarom moes Christus kom om deur Sy dood die volle skuld las namens hulle en ons te betaal.

Daarom verander dit die hele manier waarop ons nou gee. Daarom is dit nie meer nodig om vir God terug te betaal nie. Dit het Jesus mos namens ons volledig gedoen. Jesus het immers ook die wet van die tiendes volledig namens ons vervul. Gee word nou saad wat ek en jy saai.

Toe ek dit verstaan het, het ek begryp dat die druk en vrees rondom hierdie saak skielik vir my verdwyn het, Dit was nie meer een of ander las om te gee nie. Skielik was die vreugde-element terug, want 'n mens stap mos met 'n vreugde en 'n opgewondenheid

wanneer jy saai! En dit is presies wat 2 Kor 9:7 sê ons gesindheid moet wees as ons gee!

Veral as jy in geloof begin saai, omdat jy weet dat jy nou op God staat maak wat belowe het om - ten spyte van die weersomstandighede of die finansiële klimaat van die land - altyd te sorg vir die oes op daardie saad wat jy in geloof saai!

Soek jy wonderwerke in jou lewe? Begin dan in geloof op grond van God se Woord saai wat God vir jou vra om te saai, en vertrou Hom as die Here van die oes, dan vir die oes van wonderwerke.

Niks sal meer onmoontlik wees nie. God is immers ons Bron en die fokus van ons geloof. Niks is vir Hom onmoontlik nie.

Hy sal die oes gee op die saad wat ons in geloof saai. Verwag daarom van Sy kant die oes, en nie van die grond of die mense in wie se lewens jy gesaai het nie. Moenie fokus op mense om jou berg te verwyder nie. God is jou enigste Bron. Verwag van Hom die wonders wat jy nodig het om te gebeur.

En Hy belowe dat Hy uit die onuitspreeklike rykdomme wat ons s'n is in Christus (Ef 1:17 tot 19), self aan ons alles sal gee wat ons nodig het of van Hom bid in Christus se Naam.

En moenie moedeloos word as dit soms 'n tyd neem voordat die oes daar is nie. Onthou, soos daar tye is wat geskik is vir saai, is daar 'n spesifieke seisoen vir die oes om te verskyn op die land. God weet wat die beste tyd is. Hou jy maar net in geloof aan Hom vas. Saai met geloof en verwag die oes in geloof. Die Skrif sê immers nie verniet: Die regverdige sal uit geloof lewe (Rom 1:17), en dat dit onmoontlik is om sonder geloof God te plesier nie (Heb 11:6).

As jy in geloof die goeie dinge saai wat God jou beveel, en saai wanneer en waar Hy jou beveel om te saai, vertrou Hom maar om die oes te gee op sy tyd. Fokus op God en Hom alleen vir jou wonder-oes.

Jou taak is om die saad te saai. En doen dit in geloof, al is dit net met 'n mosterdsaad-grootte-geloof wat jy het. Dit is dan God se werk om die berge te beweeg! En Hy kan enige berg beweeg. Sy dit 'n berg van skuld of 'n reuse finansiële projek wat moet afkom. Wat ook al jou behoefte, God is in staat om dit te bedien.

## GEE MAAK 'N MENS VRY

---

Liefde beteken om te gee. Of dit nou in die vorm van 'n gee van jou tyd is, of geld, of kos, of klere, of bloot gasvryheid is, maak nie saak nie; Bybelse liefde mond uit in praktiese liefdesdade en 'n bedien van mekaar op die een of ander wyse.

Merkwaardig dat Jesus hierdie praktiese gee en uitreik in liefde daar in Mat 25 gebruik as Hy 'n beskrywing gee wat op die oordeelsdag gaan gebeur. Luister hoe Hy dit van vers 31 tot 36 sê: "Wanneer die Seun van die mens in majesteit kom en al die engele saam met Hom, sal Hy op sy koninklike troon gaan sit. Al die volke sal voor Hom bymekaar gebring word, en Hy sal die mense van mekaar skei soos 'n wagter die skape van die bokke skei. Die skape sal Hy regs en die bokke links van Hom laat staan. Dan sal die Koning vir dié aan sy regterkant sê: 'Kom, julle wat deur my Vader geseën is! Die koninkryk is van die skepping van die wêreld af vir julle voorberei. Neem dit as erfenis in besit, want Ek was honger, en julle het My iets gegee om te eet; Ek was dors, en julle het My iets gegee om te drink; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My gehuisves; Ek was sonder klere, en julle het vir My klere gegee; siek, en julle het My verpleeg; in die tronk, en julle het My besoek.'"

Jakobus beaam dit dat ware Bybelse geloof altyd sal uitmond in praktiese gee en bedien van mekaar binne die gemeente. Luister hoe sê hy dit daar in Jak 2:14 tot 17: "Wat help dit, my broers, as iemand beweert dat hy glo, maar sy dade bevestig dit nie? Kan so 'n geloof 'n mens red? Sê nou daar is 'n broer of 'n suster wat nie klere het nie en dag vir dag honger ly, en sê nou een van julle sou vir hulle sê: "Mag dit met julle goed gaan; gaan trek julle warm aan en eet genoeg," maar julle gee nie vir hulle wat hulle nodig het om van te lewe nie, wat help dit dan? So gaan dit ook met die geloof: as dit nie tot dade oorgaan nie, is dit sonder meer dood."

Dieselfde hoor ons as ons luister na Johannes daar in 1 Joh 3:16 tot 18: "Hiëraan weet ons wat liefde is: Jesus het sy lewe vir ons afgelê. Ons behoort ook ons lewens vir ons broers af te lê. Wie aardse besittings het en sy broer sien gebrek ly, maar geen gevoel vir hom het nie-hoe kan die liefde van God in hom wees? Liewe kinders, ons liefde moenie net woorde en lippetaal wees nie, maar moet met die daad bewys word, en dan in opregtheid."

Daarom was gee in die vroeg Christelike gemeentes nooit 'n issue nie. Dit was natuurlik deel van Christen-wees en die onderlinge liefde aan mekaar. So hoor ons hoe Paulus daar in 2 Kor 8 en 9 onder andere hieroor praat. Het jy gehoor wat hy hieroor te sê het? Kom ek haal vir jou 2 Kor 8:8-13 aan: "Ek gee nie 'n opdrag nie, maar ek wys julle op die ywer van ander om daardeur die opregtheid van julle liefde te toets. Julle ken die genade van ons Here Jesus Christus: hoewel Hy ryk was, het Hy ter wille van julle arm geword, sodat julle deur sy armoede ryk kon word. Nou wil ek julle net raad gee om julle te help. Julle was verlede jaar nie alleen die eerste wat iets gedoen het nie, julle was ook die eerste wat gewillig was om iets te doen. Maak die werk nou ook klaar. Die ywer om uit julle beskikbare middele die insameling af te handel, moet net so groot wees as die gewilligheid waarmee julle dit begin het. As die goeie wil daar is en iemand gee volgens wat hy het, neem God die gawe aan. Hy verwag nie van hom wat hy nie het nie. Ek bedoel nie dat julle gebrek moet ly om ander te kan help nie; maar sodat daar ewewig

sal wees, moet julle wat nou oorvloed het, dié help wat gebrek ly. Dan, as hulle weer oorvloed het en julle gebrek ly, kan hulle julle weer help. So kom daar ewewig.”

En dan in hoofstuk 9:1 tot 11 sê hy die volgende: “Eintlik is dit oorbodig dat ek aan julle skrywe oor die hulpverlening aan die gelowiges in Judea. Ek weet dat julle graag wil help, en ek het al by die Masedoniërs met lof oor julle gepraat. "Agaje," het ek gesê, "is al 'n jaar lank reg om te help." Julle ywer het ook die meeste ander aangespoor... Ons wil hê dat, soos ons die ander vertel het, julle klaar reg sal wees om te help. ... Daarom het ek dit noodsaaklik geag om die broers aan te spoor om vooruit na julle toe te gaan. Hulle moet die dankoffer wat julle vroeër beloof het, vooraf in orde bring. Dan sal dit daar gereed wees as 'n werklike offer van dankbaarheid, en nie as iets wat afgepers is nie. Dink daaraan: wie karig saai, sal karig oes; en wie volop saai, sal volop oes. Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief. En God is by magte om aan julle alles in oorvloed te skenk, sodat julle in alle opsigte altyd van alles genoeg kan hê en volop kan bydra vir elke goeie werk. Daar staan ook geskrywe: "Hy deel uit en gee aan die armes; hy bly altyd vrygewig." God wat saad verskaf om te saai en brood om te eet, sal ook aan julle saad gee en dit laat groei en julle vrygewigheid 'n ryk oes laat oplewer. Hy maak julle altyd in alles ryk genoeg om by elke geleentheid vrygewig te kan wees.

Kom ek maak net eers 'n paar algemene opmerkings oor my ervaring van gee in die Christelike gemeente:

- Soos ek laas keer gesê het het baie Afrikaanssprekende mense hierdie ding oor geld, en daarom oor gee.
- Baie van ons kry ook koue rillings as daar oor gee gepraat word in die gemeente.
- Maar wat my soms koue rillings gee is die simplistiese manier hoe bepaalde Bybelgegewens soms aan mense opgedien word. Bv hoe daar veral uit die Ou Testament oor die “gee van 'n tiende vir die kerk” gepreek word asof “die gee van 'n tiende vir die kerk” die Bybelse reël is vir gelowiges onder die Nuwe Verbond.
- Die ander lering wat ek ook gereeld hoor is dat 10% van gelowiges se bruto-inkomste hulle “10% vir die kerk” verteenwoordig, en enigiets wat hulle meer as dit sou gee sou 'n “offer” wees.

---

### OOOR DIE GEE VAN 'N TIENDE

---

Daar is baie verdeeldheid in die Liggaam van Jesus Christus vandag oor die gee van 'n tiende. Daarom glo ek is daar werklik gesonde Bybelse perspektief nodig om nie na 'n wettiese Bybelse fundamentalisme óf na 'n ignorering van alle Bybelse leringe hieroor oor te hel nie.

Ons moet beseft dat baie gemeentes se finansiële voortbestaan hulle dwing om rigoristies aan te dring by hulle lidmate om “hulle tiendes vir die kerk” te gee, want in praktyk moet die meeste gemeentes professionele leraars of leiers “betaal” elke maand.

Ek glo van harte dat die Here besig is om hierdie hele sisteem van “finansiële sekuriteit” wat gemeentes vir hulle leiers geskep het oor die jare, tans deur die Gees van God dwarsdeur die Liggaam van Jesus wêreldwyd in die lig van die Woord bevraagteken en suiwer.

Dit het weer tyd geword dat

- die gelowiges sal moet leer hoe om Bybels te gee aan diegene wat hulle geestelik versorg (Gal 6:6)
- en geestelike leiers sal moet leer wat geloof en ware gehoorsaamheid aan die Here van hulle en hulle spesifieke bediening vra. Beteken dit dalk ‘n tentmakersbediening óf beteken dit ‘n geloofsbediening sonder al die menslike sekuriteite van ‘n vaste salaris, mooi huis en allerlei ander toelaes?

Hierdie saak word nog verder lewensbelangrik as ‘n mens daaraan dink dat God besig is om vir Hom ‘n nuwe geslag bedienaars op te rig wat in wese niks anders as die bediening van die Nuwe Testamentiese priesterskap van elke gelowige in die gemeente en die gemeenskap is nie.

Oral oor die wêreld is ‘n nuwe, vryer vorm van gemeentes-wees ook besig om vorm aan te neem wat wegbeweeg van vaste, deftige geboustrukture na huis- en kleingroepbediening, en eenvoudige geboue waar groot-groep-byeenkomste kan plaasvind.

Daarom is dit noodsaaklik dat ons vir ons duidelikheid moet kry oor wat die Skrif oor die gee van tiendes en ander dankoffers sê.

Kan ek ter aanvang hier ‘n paar kritiese vrae aan die tradisionele siening van tiendes rig net om jou te prikkel om “nuut” hieroor te begin dink:

- Baie van die voorstanders van ‘n wettiese gee van ‘n tiende redeneer dat die tiende deur die wet van Moses bedoel is om die Levitiese priesters te onderhou, en daarom moet dit ook nou die reël wees waarmee “die kerk” sy voltydse “priesters” onderhou. Maar ‘n mens loop jou natuurlik teen allerlei krisisse vas as jy so redeneer aangesien elke gelowige in die Nuwe Testamentiese bedeling geroep is om voltydse priester te wees (1 Pet 2:5-10). Moet ons die tiendes dan gebruik om almal in die gemeente ‘n “salaris” te betaal?
- Dit is verder baie insiggewend om daarop te let dat daar heelparty verskillende tiendes betrokke was as daar van tiendes gepraat word in die Ou Testament. Kyk maar na die volgende gedeeltes hieroor: Lev 27:30-33; Num 18:20-21; Deut 12:17-18; 14:28,29).
- Daarom meen sommige Bybelkomentatore dat die gewone Israeliet tot tussen 24 en 33% van hulle inkomstes aan tiendes betaal het. Onthou verder dat hulle nie nodig gehad het om enige ander sekulêre belasting te betaal nie. Dit is eers later deur Salomo ingestel.
- Mal 3:10 is seker die vers wat die meeste gebruik word om die gee van ‘n tiende aan te moedig. Maar dit is tog belangrik om op te merk dat hier staan dat die tiende na die “skathuis” gebring moet word, wat duidelik na die tempel in Jerusalem verwys. In die Nuwe Testament word daar baie duidelik geleer dat elke gelowige nou die tempel van die Heilige Gees is. Ons moet dus baie



versigtig wees as ons hierdie teks wil gebruik om 'n gee van 'n tiende as deel van die finansiële insameling van die gemeente aan te moedig.

- Dit pla my verskriklik om na al die oordeelsverkondiging en geestelike manipulasie te luister waarmee geestelike leiers hulle lidmate probeer oorreed om hulle “tiende” te gee aan die gemeente. En dit terwyl die Skrif ons leer dat Christus Jesus ons bevry het van alle veroordeling (Rom 8:1), en verlos het van die vloek van die wet (Gal 3:13).

Daarom wil ek probeer om 'n meer gebalanseerde siening hieroor te propageer waarvan die hart die begeerte om te gee is. En dan wel 'n wyse van gee wat in lyn is met goeie rentmeesterskap, en verder as 'n belydenis kan dien van jou finansiële vryheid in Christus. Kom ek probeer 'n paar hooflyne hieroor neer te lê.

- Alles wat ons het behoort aan God.
- Hy verwag van ons gebalanseerde rentmeesterskap in ons hantering van hierdie dinge, wat sal dien as getuienis van ons verlossing en geloof in Christus Jesus as Verlosser en Here van ons hele lewe.
- In die lig van gedeeltes soos Mat 25:21 en Luk 16:10 leer die Skrif ons dat, namate ons materiële dinge wat aan ons toevertrou word verantwoordelik hanteer, sal ons met meer en meer dinge vertrou word.
- As deel van goeie rentmeesterskap neem “gee” 'n baie prominente plek in.
- Teksgedeeltes wat oor “gee” handel is onder andere die volgende: Luk 6:38; Lev 27:8; Esra 2:69; Hand 11:29; 2 Kor 8:12; 8:3; 9:7; 16:2.
- Maar daar word ook 'n bepaalde prioriteitsorde vir ons “gee” in die Skrif aangedui, naamlik:
- Jy moet eerste omsien na die behoeftes van jou eie familie (1 Tim 5:8).
- Daar moet omgesien word na die behoeftes van die wat deur die Here opgerig word in die Nuwe Testamentiese bediening in die gemeente en binne die Liggaam (Gal 6:6; 1 Kor 9:11-14). Paulus het persoonlik verkies om in sekere gevalle nie van hierdie voorreg gebruik te maak nie, maar in ander gevalle tog daarvan gebruik gemaak (1 Kor 9:12 en Fil 4:15-19).
- Die armes, die weduwees en die wese (Gal 2:10; 1 Tim 5:3).
- Algemene liefdesdiens en vrygewigheid (Heb 13:16; Gal 6:10).
- Dit wat ons dan vir die werk van die Here bydra moet gebalanseerd in verhouding wees met die bydraes wat ons gebruik om allerlei skuld, huurkope, buitensporige luukse en ander dinge in ons lewens te betaal.
- As iemand sou soek na 'n bepaalde riglyn vir hoeveel hy of sy moet gee, sou 'n mens op grond van 'n gedeelte soos Mat 23:23 'n tiende van alles as 'n riglyn kon gebruik. Maar ek is steeds van oordeel dat daar genoeg getuienis in die Skrif is dat die Here nie wil dat ons wetties in terme van tiendes moet dink as ons gee nie. Maar eerder wil dat ons sensitief sal wees vir die leiding van die Gees van God in elkeen van ons se lewens van situasie tot situasie (Rom 8:14-17).

- Volgens die Bybel is die gesindheid van die gewer baie belangriker as die hoeveelheid wat gegee word. En hierdie gesindheid word bepaal deur die werking van die Heilige Gees in die lewe van daardie gelowige. Kenmerke van 'n regte gesindheid vind ons in 2 Kor 8:2,3,4-8,10-12;20-21.
- Gee is 'n geestelike dissipline waaraan alle gelowiges kan deelneem, selfs die armes onder ons.

Die vrug van gee sluit die volgende in:

- Geregtigheid (2 Kor 9:10; Fil 4:17)
- Verdere gawes in die lewe van die gewer sodat hy meer kan gee (2 Kor 9:1)
- Dank aan God (2 Kor 9:11,12)
- 'n Ervaring dat God in al jou behoeftes voorsien (2 Kor 9:8,12)
- 'n Verheerliking van God (2 Kor 9:13)
- Bevestiging van die krag en realiteit van die evangelie (Joh 13:35)
- Gebed (2 Kor 9:14)
- Versterking van die gemeenskap van die gelowiges (2 Kor 9:14)

## LEER OM AL DIE INSTRUMENTE WAT GOD JOU GEGEE HET EFFEKTIEF TE BENUT

---

Ef 2:10: "...God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dae waarvoor Hy ons bestem het."

In Joh 17:4 bely Jesus die volgende oor Sy eie lewe en bediening tydens Sy lewe op aarde: "Ek het U op die aarde verheerlik deur die werk te volbring wat U My gegee het om te doen."

1 Pet 4:10 sê: "As goeie bedienaars van die veelvoudige genade van God moet elkeen, namate hy 'n genadegawe ontvang het, die ander dien."

As jy Christen is, het jy 'n bediening om Christen te wees hoe en waar God jou geroep het. Dit is wat "bediening" beteken. Elke Christen is immers geroep om as volgelinge van Jesus maar net beskikbaar te wees sodat God deur hom of haar mense en situasies om hulle kan bedien met die krag en gawes soos, hoe en wanneer Hy dit gee. Dit beteken prakties dat ongeag wat jou beroep of besigheid is, of jy boer, sakeman, tuisteskepper, pensioenaris, of tiener op skool is, is jy "in bediening". God wil jou gebruik net daar waar jy is. Jou persoonlike uitdaging is om bewus te raak daarvan en om dan te kies om te enige tyd beskikbaar te wees as en wanneer God dalk deur jou iemand wil bedien waar daar 'n nood of 'n behoefte is.

God het niks gemors toe Hy jou gemaak het nie. Jy is in detail beplan. Elke talent, vermoë, belangstelling, stukkie van jou persoonlikheid, wie jy is, elke gebeure in jou lewe tot nou, elke les en ondervinding wat jy langs die pad geleer het, pas êrens in in God se plan met jou lewe. Jy is wonderlik kompleks, reënboog-geskakeerd toegerus en versier, alles met die oog op dit wat God spesifiek met jou van dag tot dag beoog daar waar Hy jou neergesit het.

Daarom glo ek is dit die uitdaging van elke geloofsfamilie of gemeente om God te vertrou om vir hulle spesifiek te wys wat Sy unieke plan en roeping met elkeen van die mense in daardie geloofsfamilie is. Natuurlik is dit 'n proses van ontdekking wat gebeur as ons tyd met mekaar begin spandeer, na mekaar se harte begin luister en luister na wat God deur Sy Gees oor elkeen sê. Soos ek by 'n vorige geleentheid gesê het, gebeur hierdie ontdekking van gelowiges se spesifieke "bediening" as ons ten minste na 5 dinge te kyk wat in kombinasie bepalend is vir hoe God mense gaan gebruik, naamlik: die geestelike gawes wat deur hulle opereer, hulle hartsbegeertes, vermoëns, persoonlikheid en ervaringe.

By 'n vorige geleentheid het ek reeds aan die eerste twee aandag gegee, naamlik

- Ontdek watter gawes van die Gees deur jou begin vloei (1 Kor 12:11)
- Begin luister na wat in jou hart is – waar ek aangedui het dat God 'n bondel begeertes, belangstellings, drome en selfs ambisies in elkeen van ons se hart ingeweef het wat alles te make het met die manier hoe Hy ons wil gebruik (noem dit jou "passie" of unieke geestelike "hartklop" as jy wil)

Dit bring ons by die derde aspek en dit is ...

- Gehoorsaam jou natuurlike vermoëns/talente

Die Here God het jou presies gemaak soos Hy jou wou hê. Lees maar gerus die Psalm digter se belydenis daar in Ps 139:13: "U het my gevorm, my aanmekaargeweef in die skoot van my moeder." Party van ons het hierdie kreatiewe vermoë met woorde wat maak dat hulle ander effektief nuwe dinge kan leer of mense kan inspireer. Ander is weer beter met syfers of meer meganies aangelê, of is fisies meer atleties of meer musikaal natuurlikgewys aangelê. Eks 31:3-5 dui aan dat God die Oorsprong en Gewer van al hierdie vermoëns is. Wat belangrik is is dat hierdie vermoëns van net soveel belang is as al die bonatuurlike gawes wat die Gees van God aan ons ook wil gee. God het immers persoonlik hierdie natuurlike vermoëns aan ons van ons geboorte af gegee.

Hoeveel mense maak gewoonlik verskoning dat hulle nie weet hoe God hulle kan gebruik nie. Maar eintlik is die moontlikhede onbeperk. Wetenskaplike ondersoeke het aangedui dat die gemiddelde persoon oor tussen 500 tot 700 verskillende vermoëns beskik (party is net beter ontwikkel en geoefen as ander). Dink verder daaraan dat ons brein 100 triljoen feite kan stoor en 15 000 besluite per sekonde kan hanteer. Dan besef jy ek en jy is ongelooflik wonderlik aanmekaargesit. God moet dus 'n baie besondere plan met ons hê om deur ons Sy Naam op 'n baie unieke wyse te verheerlik.

Dit is tog waaroor dit gaan. God se plan is dat mense na dit wat ons doen of maak of uitdink kan kyk en bewus kan raak van die merkwaardige God wat ons aanmekaargesit het. Dalk is dit 'n kunswerk of stuk argitektuur, of administratiewe projek, kos of gebak, toespraak of wetenskaplike, of politieke definisie of idee, dalk 'n goedbeplande tuin of suksesvolle besigheid.

Besef dus dat dit waarmee jy natuurlikergewys besig kan wees - en 'n sukses van kan maak omdat jy daarvoor aangelê is - deel is van jou bediening waarmee jy God kan verheerlik en kan dien. Jy moet net 'n keuse maak om dit so te sien en te begin gebruik as jou verhoog van bediening.

Kan jy dink wat kan gebeur as elke Christen besef dat dit 'n bron kan wees waardeur die koninkryk gedien kan word! Sy dit deur geld of ander beskikbare middele beskikbaar te stel sodat die evangelie en die waarheid bedien kan word. Jou uitdaging is dus om te kies om jou natuurlike vermoëns meer geredelik beskikbaar te stel as deel van jou geloofs familie se bediening aan mekaar en aan die gemeenskap. Dit kan bv beteken dat jy jou dienste aanbied soos om motors van behoeftiges te herstel, mense te help om hulle finansies beter te bestuur, of belastingvorme in te vul, etes voor te berei, liedere te komponeer, kinders af te rig, gesondheidsdienste aan te bied, bou- en besigheidsplanne voor te berei, projekte te bestuur, ens. As jy dus soek na 'n moontlike bediening in die koninkryk, doen dan ten minste dit waarin jy goed is.

- Gebruik jou unieke persoonlikheid

Die kans dat jy iemand presies gaan raakloop wat presies soos jy aanmekeargesit en dieselfde persoonlikheid as jy het, is een uit 10 tot die mag 2,400,000,000. Verstaan jy waarom ek sê jy is so uniek as wat kan kom! En het die Here nie 'n verskeidenheid gemaak nie! My vriend, Gary, spot altyd as hy sê: Kyk na jou buurman of buurvrou en sê: Ek is loof die Here ek lyk nie soos jy nie!

Daar is so 'n verskeidenheid onder ons. Een van my vriendinne doen glaswerk wat my help om te verstaan hoe God ons elkeen kan gebruik. Soos die verskillende soorte en kleure glas lig verskillende kan reflekteer, so gebruik God ons verskillende persoonlikhede om iets van Sy heerlikheid verskillend te reflekteer. Sommige van ons is meer introverties, en ander meer ekstroverties. Sommige is meer analities, terwyl ander meer ingestel is op hulle gevoelens. Party van ons werk beter in 'n span, terwyl ander van ons gebou is om eerder alleen dinge aan te pak. Ons het soveel verskillende persoonlikhede, en die wonder is dat hierdie unieke bestandele in jou spesifieke soort persoonlikheid presies die bestandele is wat gaan bepaal hoe en waar God jou kan gebruik.

- Put uit jou lewenservaringe

Jou Hemelse Vader het elkeen van jou ervaringe, soet of bitter, hartseer of vol vreugde, êrens in Sy detailplan vir en met jou lewe ingewef. In die woorde van Rom 8:28, het Hy dit "tot jou beswil" gebruik. Baie daarvan het Hy gebruik om jou te vorm en te brei, ander weer om jou meer soepel te maak of jou te leer. Dink maar net aan die volgende groepe ervaringe uit jou lewe: Jou gesinsagtergrond en gesinsbelevinge; jou skool en na-skoolse opleiding en -ervaringe; die verskillende beroepe en werkervaringe wat jy tot dusver gehad het; al die geestelike ervaringe wat jy gehad het; die geleenthede waar jy beleef het dat God jou al gebruik het om ander te bedien; of al die pynlike en seer-ervaringe langs jou lewenspad.

Hoe sê iemand? God mors selfs nie eers met pyn in ons lewens nie! Hoeveel van ons kan nie getuig hoe die Here juis ons ergste pyn en seer ervaringe gebruik om ons voor te berei en te brei vir waar Hy ons in ander se lewens wil gebruik. Hieroor getuig Paulus daar in 2 Kor 1:4 ... Daarom moet jy nie verras wees as dit juis daardie dinge in jou lewe is wat jy die moeilikste kon verwerk, of die meeste oor berou het, wat juis die dinge is wat die Here wil gebruik as instrumente om ander langs jou pad te bedien nie. Aldous Huxley het altyd gesê: Ervaring is nie so seer die dinge wat met jou gebeur nie. Dit lê eerder in wat jy doen met die dinge wat met jou gebeur. Die materiaal van ons getuigenis daagliks as Christen teenoor ander vind ons immers in dit wat ons daaglikse ervaar waar en hoe die lewende God self in en met ons besig is. Dit is die dinge wat die moeite werd is om aan ander te vertel.

Ek wil afsluit: Jou en my uitdaging is dus om te leer om die Gees van God toe te laat om ons te leer hoe om

- net 'n kanaal te wees waardeur Sy bonatuurlike gawes kan vloei
- veral daar waar ons ons natuurlike vermoëns doelbewus in diens van God begin gebruik in die areas waarvoor ek en jy 'n hartspassie het

- op 'n manier wat uitdrukking gee aan my spesifieke persoonlikheid en unieke lewenservaringe